

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

Die beeld van technikons

J.H. Beukes
Antoinette Human
Annami Marx



RGN-HSRC

001.3072068 HSRC MM 124

BIBLIOTEEK LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL



RGN · HSRC



RGN-HSRC

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN
INLIGTINGSDIENSTE
CENTRE FOR LIBRARY AND
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

<p>1989 -01-01</p> <p>24 JUL 1989</p> <p>30 NOV 1991</p>			
--	--	--	--

2547

0 0 0 1 7 7 5 6 9 1



001.3072068 HSRC MM 124



* 1 7 7 5 6 9 *

Die beeld van technikon

Die beeld van technikon

Die beeld van technikon

RCN BIBLIOTEK HSRC
LIBRARY

1958 -04-29

STANDKODE COI 3073068 HSRC mm 124	REGISTERNUMMER 073813
BESTELNUMMER R10	

Verslag MM 124

Die beeld van teknikons

J.H. Beukes
Antoinette Human
Annami Marx

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1987

J.H. Beukes, D.Ed.
Antoinette Human, M.Ed.
Annami Marx, B.A. (Hons.)

Instituut vir Mannekragnavorsing

Waarnemende Uitvoerende Direkteur: Dr. J.H. Beukes

ISBN 0 7969 0588 6

© 1987 Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedruk en uitgegee deur die RGN
Pretoriusstraat 134, Pretoria

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	BLADSY
ABSTRACT	
EKSERP	
1. AGTERGROND EN DOEL MET DIE STUDIE	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Ontstaan en aard van teknikons	2
1.3 Die huidige status van teknikons	4
1.4 Probleemstelling en doel met die ondersoek	7
1.5 Aanbieding van die verslag	9
2. NAVORSINGSONTWERP EN UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK	10
2.1 Omvang van die ondersoek	10
2.2 Keuse en samestelling van ondersoekgroepe	11
2.3 Meetinstrumente	12
2.4 Uitvoering van die ondersoek en realisering van die steekproef	13
3. BEVINDINGE	21
3.1 Inleiding	21
3.2 Persepsies en houdings oor teknikons/ tegnikonopleiding/tegnikonstatus	22
3.3 Faktore wat studente se voorkeure/ besluite ten opsigte van naskoolse opleiding beïnvloed	41

HOOFSTUK	BLADSY
3.4 Blootstelling van teknikons aan die gemeenskap	66
4. SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	77
4.1 Inleiding	77
4.2 Samevattende bevindinge	77
4.3 Gevolgtrekkings	81
4.4 Aanbevelings	83
5. SUMMATIVE FINDINGS, CONCLUSIONS AND RECOMMENDATIONS	85
BRONNELYS	93

LYS VAN TABELLE

BLADSY

2.1	VERDELING VAN ST. 10-ONDERSOEKGROEP VOLGENS BEVOLKINGS- GROEP EN MEDIUM VAN SKOOLONDERRIG	15
2.2	DEELNAME VAN ONDERSOEKGROEPE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, GESLAG EN HUISTAAL	17
2.3	DEELNAME VAN ONDERSOEKGROEPE VOLGENS HUISTAAL EN BEVOLKINGSGROEP	17
2.4	OUER-ONDERSOEKGROEP: VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM, HUISTAAL EN GESLAG	18
2.5	VOORNEMENDE STUDENTE VOLGENS ONDERWYSPEIL EN GESLAG	18
2.6	NUWELING-EERSTEJAARSTUDENTE: DEELNAME BY DIE INDIWIDUELE TECHNIKONS VOLGENS HUISTAAL	20
2.7	VOORNEMENDE STUDENTE: DEELNAME BY DIE INDIWIDUELE TECHNIKONS VOLGENS ONDERWYSPEIL	20
3.1	PERSEPSIE VAN ST. 10'S, VOORNEMENDE STUDENTE EN EERSTEJAARS OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSGELEENTHEDE, -INSTANSIES	23
3.2(a)	PERSEPSIE VAN OUER-ONDERSOEKGROEP OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSGELEENTHEDE EN -INSTANSIES	26

3.2(b)	PERSEPSIE VAN OUER-ONDERSOEKGROEP OOR TEGNIESE ONDERWYS	28
3.3	DIE TIPE INRIGTING WAAR 'N PERSOON SY/HAAR OPLEIDING ONTVANG, BEPAAL SO 'N PERSOON SE AANSIEN IN DIE GEMEENSKAP	28
3.4	OUEER-ONDERSOEKGROEP: MANOVA EN ANOVA F-WAARDES VIR DIE BEPALING VAN EFFEKTE VAN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES OP VERDIENVERMOË EN BEVORDERINGS-MOONTLIKHEDE	33
3.5(a)	OPSOMMING VAN CHAID-ANALISES (SLEGS EERSTE DRIE VERDELERS) TEN OPSIGTE VAN DIE STELLINGS OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN -INSTANSIES	35
3.5(b)	OUEER-ONDERSOEKGROEP: OPSOMMING VAN CHAID-ANALISES (SLEGS EERSTE DRIE VERDELERS) TEN OPSIGTE VAN STELLINGS OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN -INSTANSIES	37
3.6	DIE GEMEENSKAP SE HOUDING TEENoor TECHNIKON-OPLEIDING SOOS DEUR DIE ONDERSKEIE STUDENTE-ONDERSOEKGROEPE GEÏNTERPRETEER	39
3.7(a)	DIE TIPE KWALIFIKASIES WAT BY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE INRIGTINGS VERWERF KAN WORD	40
3.7(b)	DIE HOOGSTE KWALIFIKASIE WAT AAN DIE VOLGENDE INRIGTINGS VERWERF KAN WORD	40
3.8	WAT IS U VAN PLAN OM GEDURENDE 1987 TE DOEN?	45

3.9	TIPE NASKOOLSE ONDERWYS WAARAAN STANDERD 10-LEERLINGE VOORKEUR GEE	45
3.10	IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U DIT OORWEEG OM AAN 'N TECHNIKON/UNIVERSITEIT TE GAAN STUDEER? (RANGORDE VAN BELANGRIKHEID)	52
3.11	IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U DIT OORWEEG OM AAN 'N TECHNIKON/UNIVERSITEIT TE GAAN STUDEER? (GEMIDDELDES)	53
3.12	REDES WAAROM VOORNEMENDE STUDENTE BY TECHNIKONS NAVRAAG DOEN	56
3.13	HOE STERK OORWEEG U DIT OM VOLGENDE JAAR AAN 'N TECHNIKON TE STUDEER?	58
3.14	IS DAAR 'N SPESIFIEKE TECHNIKON WAAR U GRAAG U OPLEIDING WIL ONTVANG?	58
3.15(a)	IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U AAN 'N SPESIFIEKE TECHNIKON WIL GAAN STUDEER? (VERDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP)	59
3.15(b)	RANGORDE VAN BELANGRIKHEID VAN FAKTORE WAT 'N ROL GESPEEL HET BY DIE BESLUIT OM NA 'N SPESIFIEKE TECHNIKON TE GAAN	60
3.16	WANNEER HET U FINAAL BESLUIT OM AAN 'N TECHNIKON TE KOM STUDEER? (VERDELING VAN ONDERSOEGGROEP VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG)	62

3.17	RANGORDE VAN BELANGRIKHEID VAN FAKTORE WAT 'N ROL GESPEEL HET BY DIE BESLUIT OM NA 'N SPESIFIEKE TECHNIKON TE GAAN (VERDEEL VOLGENS GESLAG)	63
3.18	STELLINGS OP DIE NUWELING-EERSTEJAARSTUDENT VAN TOEPASSING	66
3.19	BLANKE OUERGEMEENSKAP: OPLEIDING AAN BEPAALDE NASKOOLSE ONDERWYSOPLEIDINGSINRIGTINGS ONTVANG DEUR: (a) RESPONDENT SELF EN (b) LEDE VAN HUISHOUDING GESAMENTLIK	68
3.20	DIE BLOOTSTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE AAN DIE TECHNIKON AS TERSIËRE OPLEIDINGS- INRIGTING, INGEDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP	74

LYS VAN FIGURE

BLADSY

1.	OPLEIDING ONTVANG TEENoor OPLEIDING VERKIES	30
2.	VERWAGTE INKOMSTE EN BEVORDERING VOLGENS PLEK VAN OPLEIDING	32
3.	DIE TIPE NASKOOLSE OPLEIDINGSINRIGTING WAAR DIE ST. 10-LEERLINGE OPLEIDING WIL ONTVANG	47
4.	WAT STANDERD 10-LEERLINGE VAN PLAN IS OM GEDURENDE 1987 TE DOEN	49
5.	STANDERD TIEN-LEERLINGE: HOE STERK OORWEEG U DIT OM AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER?	50
6.	PROPORSIONELE BLOOTSTELLING VAN BLANKE BEVOLKING AAN NASKOOLSE OPLEIDINGSINRIGINGS	69
7(a)	OPLEIDING VROUE VERSUS OPLEIDING EGGENOOT	71
7(b)	OPLEIDING MANS VERSUS OPLEIDING EGGENOTE	72
8(a)	OOREENSTEMMINGSANALISE TUSSEN DIE ST. 10-LEERLINGE SE BESLUIT OM MOONTLIK AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER EN VERSKEIE VORME VAN BLOOTSTELLING AAN TECHNIKONS	75
8(b)	OOREENSTEMMINGSANALISE TUSSEN DIE VOORNEMENDE STUDENTE SE BESLUIT OM MOONTLIK AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER EN VERSKEIE VORME VAN BLOOTSTELLING AAN TECHNIKONS	76

ABSTRACT

An important contributory cause for the investigation into the image of technikons was the concern expressed by the Committee of Technikon Principals about the fact that society on the whole was ignorant of and uninformed about technical education in general and technikons in particular. The distorted image and the prejudices and misconceptions that can result from this lack of information may have a negative effect on the flow of potential students to technikons.

The information was obtained by means of four different questionnaires to each of the following test groups: prospective students who made enquiries at technikons, first-year students who registered at technikons in 1986, white parents of school-going children, as well as Standard 10 pupils of schools situated within a 50 kilometre radius from technikons.

Technikons should fight the ignorance among a large section of the community by mobilizing purposeful information campaigns.

.

EKSERP

'n Belangrike aanleidende rede vir die ondersoek na die beeld van teknikons was die besorgdheid van die Komitee van Technikonhoofde dat die gemeenskap oor die algemeen onkundig en oningelig is oor tegniese onderwys in die algemeen en teknikons in die besonder. Hierdie moontlike skewe beeld, vooroordele en wanopvattinge kan 'n negatiewe invloed uitoefen op die deurstroming van potensiële studente na teknikons.

Die inligting vir hierdie ondersoek is verkry aan die hand van vier verskillende vraelyste aan elkeen van die volgende ondersoekgroepe: voornemende studente wat by teknikons kom navrae doen het, eerstejaarstudente wat in 1986 by teknikons ingeskryf het, blanke ouers met skoolgaande kinders asook standerd 10-leerlinge van skole binne 'n radius van 50 kilometer van teknikons geleë.

Technikons moet die onkunde wat by 'n groot deel van die gemeenskap bestaan, bestry deur die mobilisering van doelgerigte inligtingsaksies.

HOOFSTUK 1

AGTERGROND EN DOEL MET DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Die rol van teknikons om beroepsgerigte opleiding op tersiêre vlak aan te bied word hedendaags baie sterk beklemtoon. In vele opsigte beleef teknikons tans 'n stygende fase in die vorm van vinnig groeiende studentegetalle, uitbreiding van fisiese fasiliteite en groter outonomie op die gebied van akademiese en bestuursmatige ontwikkeling. In die proses is teknikons eintlik besig om 'n eie, en in vele opsigte selfs 'n ingrypend nuwe identiteit te ontwikkel. Omdat die teknikonwese oor die algemeen vinnig ontwikkel kan verwag word dat mense moontlik oningelig sal wees oor baie aspekte rakende die aard en doel van die tipe inrigtings en daarom dalk soms bevooroordeeld daarteenoor kan staan. Die waarheid van die spreekwoord, naamlik onbekend maak onbeminde kan dus hier van toepassing wees.

Gegewe die besondere historiese ontwikkeling van teknikons in Suid-Afrika kan aanvaar word dat die gemeenskap oor die algemeen geneig sal wees om die tipe inrigtings baie sterk met tegniese onderwys as sodanig te assosieer. Laasgenoemde verteenwoordig ongelukkig vir vele mense 'n wêreld vol verwarrende begrippe, instellings en praktyke. Dit is bekend dat daar met verloop van tyd heelwat wanvoorstellings, vooroordele en negatiewe assosiasies rondom tegniese onderwys as sodanig ontstaan het en dit kan aanvaar word dat baie daarvan onvermydelik na teknikons oorgedra is.

'n Tipiese voorbeeld van 'n wanopvatting wat dikwels gehoor word, is dat tegniese onderwys hoofsaaklik bedoel is vir mense wat intellektueel nie in staat is om by gewone akademiese onderwys te baat nie, dit wil sê vir diegene met beperkte konseptualiseringsvermoëns. Vandaar die beskouing deur sommige dat tegniese onderwys dus eint-

lik minderwaardige onderwys is omdat dit mense voorberei vir laevlakberoepe, veral beroepe wat oorwegend handewerk vereis en 'n lae inkomste bied.

Dit is maar eers sedert 1979 dat volwaardige tersiêre status aan teknikons toegeken is en hulle opdrag by wyse van wetgewing duidelik onderskei is van dié van tegniese onderwys soos dit op pre-terisiêre onderwysvlak gestruktureer is. Dit is dus te begrype dat die beeld of persepsie wat mense vandag moontlik met betrekking tot teknikons het, elemente kan bevat van die beeld wat voorheen ten opsigte van tegniese onderwys in die algemeen bestaan het.

Hierdie ondersoek is uitgevoer na aanleiding van die besorgdheid wat daar by technikonowerhede daaroor bestaan dat daar in die gemeenskap heelwat verkeerde indrukke oor die aard en doel en veral oor die tersiêre status van teknikons voorkom. Die dringende en steeds groeiende vraag na tegniese opgeleide mannekrag vir Suid-Afrika laat geen ruimte dat die tegniesewerkkragpotensiaal nie tot sy reg kom nie weens vooroordele en wanopvattinge oor tegniese onderwys in die algemeen en verdraaide en verwronge persepsies van teknikons in die besonder. Gelukkig weerspieël die tempo waarteen studentegetalle aan teknikons die laaste jaar of meer toegeneem het alreeds elemente van 'n positiewe houding en gepaardgaande groeiende belangstelling in die vorm van opleiding. Hierdie ondersoek sal hopelik meer lig kan werp op die aansien wat teknikons tans in die gemeenskap geniet.

1.2 ONTSTAAN EN AARD VAN TECHNIKONS

Technikons het 'n onlosmaaklike verbondenheid met die geskiedenis van tegniese onderwys in Suid-Afrika. Voor die ontdekking van diamante in 1867 en die ontwikkeling van die goudmyne aan die Witwatersrand het daar eintlik min tegniese ontwikkeling in die land plaasgevind met die gevolg dat daar nie voorheen 'n behoefte aan tegniese onderwys ontwikkel het nie. Dit was eers in die tweede helfte van die vorige eeu dat daar met tegniese opleiding begin is

en wel deur die destydse spoorweginstitute en later ook die SA School of Mines. Die meeste van die instellings wat aanvanklik tegniese opleiding verskaf het, was privaatondernemings. Owerheidsbelangstelling in die voorsiening van tegniese onderwys het eers aan die begin van die 20ste eeu gekom toe daar begin is met die subsidiëring van inrigtings wat die tipe onderwys verskaf het. Daarvandaan het die staat se betrokkenheid geleidelik toegeneem en in 1922 is wetgewing ingestel wat tegniese kolleges verplig het om die teoretiese deel van vakleerlingopleiding dwarsdeur die land aan te bied. Die gevolg was dat tegniese kolleges vinnig gegroei het. Later is sommige van die kolleges wat in groter sentra geleë was tot inrigtings vir hoër onderwys verklaar. In 1968 het vier van die inrigtings oorgegaan in kolleges vir gevorderde tegniese onderwys en in 1979 word hulle vier van die ses eerste teknikons in die RSA.

Tans is daar 12 volwaardige teknikons waarvan een eksklusief ontwerp is vir afstandsonderrig. Teknikons is kragtens wetgewing (Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, Wet 40 van 1967) ingestel as tersiêre onderwysinrigtings met die doel om gevorderde tegniese onderwys en opleiding te verskaf. Toe hulle aanvanklik in 1967 tot kolleges vir gevorderde tegniese onderwys (KGTO's) verklaar is, het hulle op die tersiêre onderwysvlak 'n ondergeskikte status geniet. Hulle is oor die algemeen as minderwaardig gesien in verhouding tot universiteite en hulle hoogste akademiese vlak is beskou as min of meer gelyk aan 'n eerste universiteitsgraad. Sedertdien het daar egter heelwat denke rondom die technikonwese plaasgevind en het die gedagterigting ontwikkel dat teknikons nie gesien behoort te word as deel van 'n reglynige struktuur met die universiteit aan die bo-punt nie. Elkeen van die inrigtings moet in eie reg vertikaal vry langs mekaar kan ontwikkel en wel op so 'n wyse dat die universiteit as leier op die gebied van akademiese onderwys en die technikon as leier op die gebied van tegniese onderwys kan vestig. Vandag word die beginsel van 'n hiërargie van kwalifikasies op technikonvlak vry algemeen erken.

1.3 DIE HUIDIGE STATUS VAN TECHNIKONS

Technikons is tersiêre onderwysinstellings. Net soos universiteite het hulle ook 'n onderrig- en 'n navorsingsfunksie. Die onderrigfunksie bestaan uit die formele aanbieding van bepaalde onderrigprogramme. 'n Onderrigprogram vorm die fundamentele opleidingseenheid van 'n technikon. Dit is multidisiplinêr van aard en ontwerp om te fokus op die aanleer van 'n reeks bedryfsgerigte interafhanklike beroepsvaardighede. Die formele onderrigkomponent word normaalweg aangevul met 'n tydperk van direkte blootstelling van die student aan die bedryf. Laasgenoemde is bedoel om 'n gebalanseerde blootstelling te wees van die student aan geleenthede vir indienservaring (in die vorm van informele deelname aan die werksituasie) en nie-formele leer. Hedendaags word daar na hierdie aspek verwys as die ervaringsonderrigkomponent.

Technikononderwys is bedoel om na gees en inhoud beroepsgerig te wees. Daarmee word bedoel dat mense direk na opleiding reeds produktief tot 'n spesifieke beroep kan toetree. Daarom word studente waar moontlik reeds tydens die opleidingstydperk aan die werksituasie blootgestel.

Die navorsingsfunksie van teknikons is egter van meer resente oorsprong en is daarom nog nie werklik gevestig nie. Navorsing deur teknikons is bedoel om hoofsaaklik gerig te wees op die oplossing van probleme in die bedryf. Technikonstudente kan ook deur middel van navorsing gevorderde kwalifikasies verwerf.

Die sosiale en akademiese aansien en status as tersiêre onderwysinstellings wat teknikons vandag geniet, word deur verskeie faktore bepaal. Benewens die aspekte waarna reeds verwys is soos die noue koppeling wat dit het met die ontstaan en verdere ontwikkeling van tegniese onderwys in die land en die aard van die onderwyskundige funksies wat dit verrig, word die status van teknikons globaal gesien deur twee aspekte bepaal, naamlik die doel en missie van die inrigtings self en die wyse waarop konkreet daaraan uit-

drukking gegee word in die vorm van onder andere die aard en gehalte van opleidingsprogramme. Die doel verwys na die algemene strategiese belangrikheid van die onderwys- en opleidingsbehoefte waarin dit veronderstel is om te voorsien.

Die algemeen aanvaarde technikonfilosofie maak voorsiening vir die volgende breë doelstellings, naamlik opvoeding in die wydste sin van die woord, beroepsopleiding, tegnologie-bevordering en onder-
rig.

Baie van die kommer wat daar tans bestaan rondom die beeld van teknikons in die oë van die publiek kan herlei word na die tradisie van teknikons om as 'tegniese' onderwysinrigtings aan genoemde doelstellings uitdrukking te gee. Dit is bekend dat teknikons tradisioneel nog altyd sterk klem op beroepsopleiding laat val het, terwyl die opvoedingsaspek en in 'n mate selfs die tegnologie-oordragaspek onderbeklemtoon is. Dit het daartoe gelei dat die illusie moontlik geskep kon word dat technikonopleiding nie in dieselfde mate as universiteitsopleiding geskik is om studente intellektueel te stimuleer en geestelik te verruim nie. Dit hou ook verband met die aantying wat dikwels al teen tegniese onderwys in die algemeen gemaak is, naamlik dat dié vorm van onderwys oor die algemeen beperkte vormingspotensiaal het in verhouding tot akademies gerigte onderwys soos dié van universiteite.

Die status van teknikons as tersiêre onderwysinrigtings word egter baie duidelik weerspieël deur dit met dié van universiteite te vergelyk. Daar kan min twyfel bestaan oor die leiersrol van universiteite vandag op allerlei terreine, hetsy akademies, kultureel of op die gebied van sport. Hierteenoor kan teknikons nie in dieselfde mate daarop aanspraak maak dat daar bepaalde terreine is waarop hulle tradisioneel 'n leiersrol vervul het nie. In baie opsigte moet so 'n tradisie nog geskep word. Dit word in die lig van die moderne technikonfilosofie van hulle verwag om op die gebied van tegnologie-ontwikkeling en -oordrag toenemend 'n leiersrol te ver-

tolk. Namate dit realiseer, kan verwag word dat hulle status dien-ooreenkomstig gevestig sal raak.

Wat mense se algemene vertroutheid of bekendheid met naskoolse onderwysinstansies betref, kan die aanname gemaak word dat die Suid-Afrikaanse bevolking oor die algemeen 'n groter blootstelling het aan universiteite as aan enige ander tipe opleidingsinrigting. So byvoorbeeld tel daar onder die totale bevolking tans baie meer mense wat hulle opleiding aan 'n universiteit ontvang as aan 'n technikon. Vir elke student wat in 1986 aan 'n technikon ingeskryf het, het daar ongeveer vyf studente aan 'n universiteit geregistreer (UNISA uitgesluit). Tradisioneel was daar boonop nog altyd heelwat meer universiteite in die land as wat daar teknikons was.

In aansluiting hierby kan daarop gewys word dat in Suid-Afrika universiteite daarin geslaag het om op verskillende terreine en binne verskillende samelewingsverbande 'n tradisie van betrokkenheid in die gemeenskap te vestig, veral in die vorm van regstreekse dienslewering. Baie van die dienste spruit regstreeks voort uit die aard van die tipe opleiding wat slegs deur universiteite voorsien word, soos mediese hulpverlening by opleidingshospitale, dienste wat gepaard gaan met die daarstel en implementering van gemeenskapsontwikkelingsprogramme, ens. Op dié wyse neem geweldig baie mense in die gemeenskap in een of ander stadium in hulle leweskennis van die universiteit as diensleweringinstansie, akademiese instelling, as kultuurskeppende instansie, ens. 'n Dergelike gemeenskapsbetrokkenheid is nog nie deur teknikons gevestig nie. Daar is egter tog wel een aspek wat die status van teknikons as inrigtings van strategiese belang bo alle twyfel bevestig en dit is die besef dat die vraag na tegniese hoogsgevoelde persone van krietieke belang vir die land in sy geheel is. Daarmee saam word dit aanvaar dat teknikons by uitnemendheid daarvoor toegerus behoort te wees om in die behoefte te voorsien. Dit op sigself verleen aan die technikonwese die status van 'n strategies belangrike hulpbron.

1.4 PROBLEEMSTELLING EN DOEL MET DIE ONDERSOEK

Soos uit die aanloop tot die ondersoek aangetoon is, is daar ongetwyfeld regverdiging vir die kommer by technikonowerhede oor die moontlik negatiewe of skewe beeld wat daar vandag ten opsigte van teknikons bestaan. Die aanwesigheid van wanopvattinge en gepaardgaande vooroordele teenoor inrigtings wat 'n strategies belangrike posisie in die spektrum van onderwysvoorsiening moet inneem, moet noodwendig inhiberend inwerk op die wyse waarop technikon hulle plek kan volstaan. Die feit dat die totale technikonwese op die oomblik eintlik in 'n stygende fase is, stelselmatig besig is om sy horisonne te verbreed en sy missie te operasionaliseer, gee aan die vraag na die huidige beeld van teknikons 'n besondere dringendheid. Die strategies belangrike rol wat die technikonwese ooreenkomstig sy algemeen aanvaarde filosofie moet speel, gee aanleiding daartoe dat technikonowerhede en ander belanghebbendes 'n besonder sterk behoefte ontwikkel het om te weet watter indrukke technikon op die oomblik na buite skep, wat die houding van verskillende belangegroepe ten opsigte van teknikons is, watter bedenkinge daar moontlik teenoor die tipe inrigtings bestaan, watter verwagtinge daar van hulle gekoester word en watter stappe gedoen kan word om die regte gesindheid en houding teenoor teknikons in die besonder te bewerkstellig.

Die doel met die ondersoek is vervolgens om langs empiriese weg die beeld te bepaal wat daar op die oomblik ten opsigte van teknikons in die RSA bestaan. Uit die aard van die saak sal dit onvermydelik wees dat die persepsie wat die gemeenskap van ander tersiêre onderwysinstellings het, ook in die proses ter sprake kom. Waar toepaslik sal die beeld van teknikons dus gespieël moet word teen die agtergrond van 'n verskeidenheid van "alternatiewe" vorme van tersiêre onderwysinstellings veral dié van universiteite omdat daar soms die illusie bestaan dat die een inrigting 'n alternatief vir die ander kan wees. Saam hiermee sal die gemeenskap se persepsie met betrekking tot tegniese onderwys in die algemeen ook aangespreek moet word, want soos reeds aangetoon is daar histories 'n

besondere sterk koppeling tussen teknikons en tegniese onderwys as sodanig.

Dit moet egter goed begryp word dat die besluit van 'n potensiële student oor eerstens die wenslikheid al dan nie van formele naskoolse opleiding en tweedens ook die tipe inrigting en plek waar hy dit wil ontvang nie uitsluitlik 'n funksie is van die status of beeld wat hy het ten opsigte van naskoolse opleidingsgeleenthede nie. Daar word aanvaar dat die besluit van 'n potensiële student om technikon of universiteit toe te gaan in werklikheid voorafgegaan en ook sterk gerig word deur die loopbaanverwagtinge wat die persoon het in terme van die beroep wat hy/sy graag wil volg, die opleidingsvereistes wat die beoogde loopbaan stel, die intellektuele vermoëns van die studente self asook die beskikbaarheid van finansiële en ander ondersteuningsmiddele. Dit word ook allerweë erken dat die besluitnemingsproses in die verband plaasvind te midde van oerlike en ander eksterne beïnvloeding sodat dit haas onmoontlik is om op individuele vlak die finale besluit na slegs 'n bepaalde aantal faktore te herlei. Dikwels is die besluit om universiteit of technikon toe te gaan ook nie 'n enkelvoudige besluit nie, want bo en behalwe vir die keuse oor die tipe instansie waar die student sy opleiding wil ontvang, moet daar ook besluite geneem word oor watter studierigting en/of vakkombinasies gevolg moet word, die aard en vlak van kwalifikasie wat verwerf moet word, en dikwels ook die besondere instansie waar die persoon as student wil inskryf. Die kennis en houding wat 'n potensiële student kan hê oor die opleidingsvereistes en -geleenthede met die oog op die loopbaan wat hy wil volg, speel dus wel 'n rol in dié verband, maar is lank nie die enigste of noodwendig die belangrikste nie. 4

Om hierdie rede is die verwysingsraamwerk van die ondersoek so gedefinieer dat die ondersoek nie beperk is tot 'n peiling van persepsies en houdings oor die aard en doel van teknikons versus ander naskoolse onderwysinstansies alleen nie, maar dat sekere faktore wat moontlik 'n beïnvloedende rol kan speel by die besluit van

potensiële studente om universiteits- of technikonopleiding te ontvang ook in die proses aangespreek kan word.

1.5 AANBIEDING VAN DIE VERSLAG

In hoofstuk twee word die navorsingsontwerp bespreek. Daarin word onder andere die uiteensetting gegee van die omvang van die ondersoek asook 'n motivering vir die keuse en samestelling van die ondersoekgroepe wat betrek is. In hoofstuk drie word die resultate van die ondersoek onder verskillende hoofde bespreek. Eerstens word die persepsie van die verskillende ondersoekgroepe met betrekking tot naskoolse opleidingsgeleenthede en -instansies bespreek. Dit word gevolg deur 'n bespreking van faktore wat moontlik 'n rol speel by die besluit oor naskoolse onderwys/opleiding en die keuse/voorkeur ten opsigte van die aard en plek van opleiding. Daarna word kortliks gerapporteer oor die blootstelling van teknikons aan die gemeenskap. Die laaste hoofstuk is 'n samevatting van die verslag. Gevolgtrekkings en aanbevelings word ook daarin aangebied.

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSONTWERP EN UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK

2.1 OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

Soos in die probleemstelling genoem, kan daar basies twee oorwegings onderskei word wat medebepalend was vir die omvang wat die ondersoek moes aanneem. Eerstens is aanvaar dat hoewel die ondersoek gerig moet wees op die bepaling van die beeld van teknikons, die persoonlike voorkeure wat potensieële studente in die verband kan hê nie noodwendig herlei sal kan word na die 'beeld' wat hulle van teknikons het nie, ongeag of dit gunstig of ongunstig is nie. Aanvullend tot die bepaling van die beeld van teknikons sou daarmee saam die probleem ondersoek moes word oor watter ander faktore ook moontlik 'n rol kan speel wanneer 'n besluit geneem moet word oor die tipe naskoolse onderwysinrigting waaraan voorkeur gegee word. Voorts is ook aanvaar dat, gegewe die aard van die ondersoek, daar rekening gehou sal moet word met die feit dat daar onderling verskille kan wees ten opsigte van die aard en graad van mense se betrokkenheid/aangewesenheid op teknikons/technikonopleiding, hetsy op individuele vlak of binne groepsverband. Daar is gepoog om by die keuse en samestelling van die verskillende ondersoeksgroepe juis hiermee rekening te hou.

Met die oog op die konseptualisering en uiteindelik ook operasionalisering van die ondersoek is derhalwe besluit om die term 'beeld' van teknikons so te interpreteer dat daarby ingesluit kon word die indrukke, assosiasies, persepsies, houdings, verwagtinge asook kennis wat mense binne verskillende samelewingsverbande ten opsigte van teknikons as onderwysinstellings, maar ook van technikonopleiding in die algemeen en technikonkwalifikasies in die besonder kan hê. Wat die ander faktore betref op grond waarvan potensieële studente besluit om voorkeur aan die een tipe inrigting bo die ander te gee, is uitgegaan van die aanname dat die besluitnemingsproses oor 'n loopbaan en by implikasie ook die keuse vir naskoolse

opleiding, 'n hoogs komplekse en uiters subjektief bepaalde handeling is wat nie in terme van een of twee faktore verklaar kan word nie. Die besluit om 'n graad aan 'n universiteit, 'n diploma aan 'n teknikon of watter ander tipe naskoolse kwalifikasie ook al te verwerf, verteenwoordig 'n belangrike element in 'n persoon se totale toekomsbeplanning. Om egter sinvol en op verantwoordelike wyse hierdie besluite te neem vereis dat die persoon in 'n mindere of meerdere mate kennis sal dra van die verskillende opsies waaruit hy kan kies en die moontlikhede wat dit vir hom inhou. Kennis van werk- en opleidingsgeleenthede moet sinvol geïntegreer word met die selfkonsep en die loopbaanverwagtinge wat die persoon koester.

In die lig hiervan is daar dus besluit om binne die konteks van die ondersoek ook aandag te gee aan sekere fasette in dié verband. Dit sluit in die bepaling van die voorkeur vir bepaalde tipes inrigtings vis-à-vis spesifieke kampusse, die impak van faktore soos kampusfasiliteite, akademiese statuur, studente-aktiwiteite, ens. op die voorkeure van studente, die verband tussen die voorkeure/besluite en persoonlike biografiese veranderlikes (geslag, huistaal, ouers se opleiding en beroep, eie akademiese en loopbaanaspirasies), skoolverwante faktore (studierigting op skool gevolg, die verwerwing van universiteitstoelating al dan nie) en blootstelling aan tersiêre instellings in die vorm van bywoning van of regstreekse deelname aan aktiwiteite van die betrokke inrigting.

2.2 KEUSE EN SAMESTELLING VAN ONDERSOEGGROEPE

Die volgende groepe is geïdentifiseer om aan die ondersoek deel te neem:

- (a) Standerd 10-leerlinge. Standerd 10-leerlinge verteenwoordig die vernaamste bron waarvandaan potensiële studente na verskillende naskoolse opleidingsinrigtings gekanaliseer word. Met skool as steekproefeenheid en met inagneming van die parameters bevolkingsgroep, getal standerd 10-leerlinge per skool en die medium van onderrig is 'n 7,5 persent gestratifi-

seerde steekproef proporsioneel aan skoolgrootte geneem. Slegs skole binne 'n radius van ongeveer 50 kilometer van elke technikon is vir die ondersoek in ag geneem. Die belangrikste oorweging vir hierdie afbakening was om koste te bespaar en terselfdertyd die omvang van die ondersoek binne perke te hou. Alle st. 10-leerlinge van die skole wat by die ondersoek ingesluit is, is betrek.

- (b) Alle persone wat by teknikons kom navraag doen het oor technikonprogramme of ander aspekte van technikonopleiding van September 1985 tot op die datum waarop teknikons begin het om nuwe inskrywings vir die daaropvolgende akademiese jaar (1986) te aanvaar. Die insluiting van hierdie groep is gebaseer op die aanname dat hulle reeds 'n gerigte belangstelling in toekomstige technikonopleiding kon hê en as sodanig 'n geselekteerde groep verteenwoordig.
- (c) Eerstejaarstudente wat in 1986 by teknikons geregistreer het. Hierdie groep studente het reeds praktiese uitvoering gegee aan hul besluit om technikonopleiding te ontvang. Studente van al die teknikons, uitgesonderd die Technikon RSA, het aan die ondersoek deelgeneem.
- (d) Blanke ouers met skoolgaande kinders. Die rol van die ouerhuis op die beroepskeuse van hulle kinders word allerweë as van deurslaggewende belang beskou. Ouers se persepsie van en houding jeens teknikons en technikonopleiding kan derhalwe as kanaliseringmeganisme vir naskoolse opleiding 'n bepalende rol speel. 'n Waarskynlikheidsteekproef van 1452 blanke gesinne is landswyd getrek.

2.3 MEETINSTRUMENTE

Afsonderlike vraelyste is vir elk van die ondersoekgroepe opgestel. Die inhoud van die onderskeie vraelyste het gevarieer na gelang van die groep waarop dit gerig was.

Vraelysitems was hoofsaaklik op die volgende aspekte gerig:

- (a) Biografiese agtergrond met insluiting van studie- en vakkeuses op skool gevolg en die redes vir hierdie keuses
- (b) Loopbaanverwagtinge en -keuses
- (c) Kennis van tersiêre opleidingsinrigtings, soos programme wat aangebied word, kwalifikasies wat verwerf kan word en vorige persoonlike blootstelling aan inrigtings
- (d) Persepsie oor die belang van naskoolse opleiding en die status van kwalifikasies wat verwerf kan word
- (e) Persepsie oor die status, rol en aard van opleiding van spesifieke tipes tersiêre opleidingsinrigtings
- (f) Oorwegings wat in ag geneem is by die neem van loopbaanbesluite en keuse van naskoolse opleidingsplek en -rigting
- (g) Persepsie oor die status van tegniese onderwys en loopbaanverwagtinge wat daaruit voortvloei
- (h) Verwagtinge oor die verdienvermoë van naskoolse kwalifikasies en die loopbaanontwikkelingspotensiaal van persone wat aan verskillende tipes naskoolse opleidingsinstansies gekwalifiseer het.

2.4 UITVOERING VAN DIE ONDERSOEK EN REALISERING VAN DIE STEEKPROEF

Die invul van die vraelyste deur die verskillende groepe is soos volg gedoen:

Die vraelys aan die standerd 10-leerlinge is by die skool onder toesig van lede van die navorsingspan ingevul. Van die 60 skole wat oorspronklik by die steekproef ingesluit was, het 48 wel deel-

geneem. Die 12 skole vir swart leerlinge kon vanweë skoolboikotte nie aan die opname deelneem nie. 'n Totaal van 5529 standerd 10-leerlinge is by die ondersoek ingesluit. Die deelname van leerlinge by die onderskeie skole volgens bevolkingsgroep en medium van onderrig word in tabel 2.1 getoon.

Die verspreiding van die vraelyste aan persone wat by teknikons kom navraag doen het, is deur teknikons self hanteer. In uitsonderlike gevalle het die voornemende studente die vraelys in groepsverband ingevul, maar by die meeste teknikons is die respondente toegelaat om dit individueel in te vul en per gefrankeerde kovert aan die RGN terug te stuur. Sommige teknikons het heelwat moeite gedoen deur ook vraelyste aan persone te stuur wat slegs skriftelike navrae aan die technikon gerig het. Vanweë die onlussituasie ten tyde van die opname was die deelname by sommige teknikons baie beperk en van sekere teknikons is geen ingevulde vraelyste terug ontvang nie. Nogtans word die getal respondente van wie ingevulde vraelyste ontvang is, naamlik 1098, vir die doel van die ondersoek as die universum beskou.

Die invul van die vraelyste deur die eerstejaars-ondersoekgroep is by al die teknikons in groepsverband en onder toesig van technikonpersoneel gedoen. Alle eerstejaarstudente het aan die opname deelgeneem behalwe in die geval van die Technikon Pretoria en die Technikon Witwatersrand waar die totale inskrywings van eerstejaars meer as 1000 studente was en die getal vraelyste wat vir verwerking aanvaar is, verminder is na 1000. Dit is gedoen deur middel van ewekansige steekproefneming wat die totale getal studente van wie die vraelyste verwerk is op 7102 te staan gebring het.

Die opname onder ouers van blanke leerlinge is deur die RGN se Meringspeilingsentrum gedoen. Slegs blanke persone wat ten tyde van die opname kinders op skool gehad het, is in aanmerking geneem om aan die opname deel te neem. Aanvanklik is drie sistematiese steekproewe van 1500 telefoonnommers elk landswyd getrek. Daarna is stelselmatig te werk gegaan om elkeen van die getrekte nommers te

TABEL 2.1

VERDELING VAN ST. 10-ONDERSOEKGROEP VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN MEDIUM VAN SKOOLONDERRIG

Medium van skoolonderrig	Blank				Kleurling				Indier			
	Skole		St. 10-leerlinge		Skole		St. 10-leerlinge		Skole		St. 10-leerlinge	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Afrikaans	12	42,9	1 620	47,1	2	16,7	217	18,5	-	-		
Engels	11	39,3	1 348	39,2	-	-	-	-	8	100	917	100
Dubbelmedium	5	17,9	470	13,7	10	83,3	957	81,5	-	-		
TOTAAL	28	100	3 438	100	12	100	1 174	100	8	100	917	100

skakel en slegs diegene wat gekwalifiseer het en hom/haar telefonies bereid verklaar het om 'n vraelys in te vul, is by die finale steekproef van 1452 respondente ingesluit. Uiteindelik is 951 ingevulde vraelyste terugontvang.

Die data op al die vraelyste is rekenaarmatig verwerk. Daar moet deurgaans in gedagte gehou word dat sommige van die vrae nie deur alle respondente beantwoord is nie en dat die totale in die tabelle gevolglik onderling verskil.

Die deelnamesyfers van die onderskeie groepe aan die ondersoek word in tabelle 2.2 tot 2.5 opgesom. Tabelle 2.2 en 2.3 is 'n opsomming van die deelnamesyfers van die vier ondersoekgroepe soos verdeel volgens bevolkingsgroep, huistaal en geslag. Tabelle 2.4 tot 2.5 bevat besonderhede oor die samestelling van die groepe afsonderlik.

Die volgende algemene opmerkings dien na aanleiding van die deelname van die verskillende ondersoekgroepe gemaak te word:

* Eerstens wat die eerstejaars betref, is daar in vergelyking met die blankes proporsioneel min Indiër-, kleurling- en swart respondente by die ondersoekgroep ingesluit. Aangesien al die teknikons en ook al die eerstejaarstudente by die opname betrek is, word aanvaar dat die deelnamesyfers die werklike toedrag van sake weerspieël. Teenoor die sewe teknikons wat hoofsaaklik vir blankes voorsiening maak, is daar in werklikheid slegs een technikon wat vir kleurlingstudente, een vir Indiërstudente en twee vir swart studente voorsiening maak. By die meeste teknikons vir blankes word daar egter ook voorsiening gemaak vir die toelating van 'n aantal anderkleurige studente. Die deelname van studente by die individuele teknikons word in tabel 2.6 verstrek.

* Dit is opvallend dat die meeste respondente onder die eerstejaarsgroep Engels as huistaal het. Dit hang onder andere daarmee saam dat daar onder die kleurlinge maar veral die

TABEL 2.2

DEELNAME VAN ONDERSOEGGROEPE VOLGENS BEVOLKINGSGROEP, GESLAG EN HUISTAAL

Veranderlike	Voornemende studente		St. 10-leerlinge		Eerstejaar		Ouers	
	N	%	N	%	N	%	N	%
(i) Bevolkingsgroep								
Blank	919	84,3	3 551	64,5	4 909	69,5	951	100,0
Indiërs	19	1,7	932	16,9	1 032	14,6		
Kleurlinge	96	8,8	1 023	18,6	434	6,1		
Swartes	56	5,1	-	-	693	9,8		
TOTAAL	1 090	100	5 506	100	7 068	100	951	100
(ii) Geslag								
Manlik	462	42,4	2 789	50,7	3 735	52,8	412	43,3
Vroulik	628	57,6	2 717	49,3	3 333	47,2	539	56,7
TOTAAL	1 090	100	5 506	100	7 068	100	951	100
(iii) Huistaal								
Afrikaans	594	54,5	2 418	43,9	2 313	32,7	507	53,3
Engels	324	29,7	2 355	42,8	3 508	49,6	334	35,1
Afr./Eng.	72	6,6	539	9,8	325	4,6	84	8,8
Ander	100	9,2	194	3,5	922	13,0	26	2,7
TOTAAL	1 090	100	5 506	100	7 068	100	951	100

TABEL 2.3

DEELNAME VAN ONDERSOEGGROEPE VOLGENS HUISTAAL EN BEVOLKINGSGROEP

Huistaal	Bevolkingsgroep							
	Blank		Kleurling		Indiër		Swart	
	N	%	N	%	N	%	N	%
(i) Standaard 10-leerlinge								
Afrikaans	1 844	52,0	569	55,6	5	0,5		
Engels	1 295	36,5	198	19,4	862	92,5		
Afrikaans en Engels	275	7,7	248	24,2	16	1,7		
Ander	137	3,9	8	0,8	49	5,3		
TOTAAL	3 551	100	1 023	100	932	100		
(ii) Voornemende studente								
Afrikaans	545	59,3	49	51,0				
Engels	285	31,0	20	20,8	16	84,2	3	5,4
Afrikaans en Engels	50	5,4	21	21,9	1	5,3		
Ander	39	4,2	6	6,3	2	10,5	53	94,6
TOTAAL	919	100	96	100	19	100	56	100
(iii) Nuweling-eerstejaarstudente								
Afrikaans	2 100	42,8	210	48,4	3	0,3		
Engels	2 460	50,1	101	23,3	945	91,6	2	0,3
Afrikaans en Engels	238	4,8	77	17,7	10	1,0		
Ander	111	2,3	46	10,6	74	7,2	691	99,7
TOTAAL	4 909	100	434	100	1 032	100	693	100

TABEL 2.4

OUER-ONDERSOEKGROEP: VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM, HUISTAAL EN GESLAG

	Oorwegend Afrikaans				Oorwegend Engels				Ander				Totaal	
	Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik			
	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*
Ouderdom														
25 en jonger	3	0,32	5	0,53	2	0,21	6	0,63			4	0,42	20	2,10
26 tot 30	5	0,53	27	2,84	1	0,11	7	0,74			5	0,53	45	4,73
31 tot 35	37	3,89	58	6,10	16	1,68	43	4,52	4	0,42	10	1,05	168	17,67
36 tot 40	51	5,36	75	7,89	40	4,21	60	6,31	11	1,16	24	2,52	261	27,44
41 tot 45	54	5,68	61	6,41	26	2,73	39	4,10	13	1,37	14	1,47	207	21,77
46 tot 50	35	3,68	34	3,58	35	3,68	25	2,63	7	0,74	8	0,84	144	15,14
51 tot 55	22	2,31	15	1,58	8	0,84	11	1,16	4	0,42	1	0,11	61	6,41
56 tot 60	15	1,58	5	0,53	3	0,32			3	0,32			26	2,73
60 en ouer	5	0,53			10	1,05	2	0,21	2	0,21			19	2,00

* Uitgedruk as persentasie van die totale groep ouers (N = 951)

TABEL 2.5

VOORNEMENDE STUDENTE VOLGENS ONDERWYSPEIL EN GESLAG

	St. 8 en 9		St. 10		Reeds skool verlaat		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Manlik	64	62,7	157	29,6	220	54,6	441	42,6
Vroulik	38	37,3	374	70,4	183	45,4	595	57,4
TOTAAL	102	100	531	100	403	100	1 036	100

Indiërstudente baie respondente is wie se huistaal ook Engels is. In die geval van die blankes weerspieël dit 'n situasie wat histories ontwikkel en waarvolgens Engelssprekendes nog altyd baie meer by tegniese onderwys en opleiding betrokke was as Afrikaanssprekendes. By die statistiese ontleding van die data is sowel taal as bevolkingsgroep in berekening gebring.

- * In die geval van die voornemende studente, in teenstelling met die eerstejaars-ondersoekgroep, was die meerderheid respondente Afrikaanssprekend (59,3 %). Besonderhede oor die getal vraelyste wat van elke technikon ontvang is, word in tabel 2.7 verstrekk.
- * By die ouer-ondersoekgroep is slegs blanke gesinne ingesluit. Die hoofoorweging daarvoor was tweërlei. Eerstens is aanvaar dat die blanke gemeenskap as geheel in hierdie stadium in veel groter mate aan tegniese onderwys in die algemeen, maar veral technikonopleiding in die besonder deelneem as enige van die ander groepe en daarom in 'n groot mate as opinieleiers hieroor beskou kan word. Tweedens is op grond van koste-oorwegings besluit om die opname deels telefonies en deels per posvraelys te doen. Hoewel ongeveer 65 persent van die vraelyste wat uitgestuur is, terugontvang is, het die steekproef wat uiteindelik gerealiseer het, 'n oorverteenvoording van vroulike respondente ingesluit - 'n tendens wat kenmerkend van landswye opnames begin word.
- * In die geval van die voornemende studente asook die eerstejaars is die universum vir alle praktiese doeleindes by die opname ingesluit. In die geval van die ouer-ondersoekgroep was die universum uiteraard nie vooraf bekend nie. Gevolglik is daar nie voortgegaan om die statistiese verteenwoordigheid van die groepe verder te ondersoek nie. Al die groepe word as groot genoeg beskou om 'n bevredigende weerspieëling te wees van wat die 'openbare beeld' van teknikons in hierdie stadium in die RSA is.

TABEL 2.6

NUWELING-EERSTEJAARSTUDENTE:

DEELNAME BY DIE INDIWIDUELE TECHNIKONS VOLGENS HUISTAAL

	Afrikaans	Engels	Ander	Totaal
	N	N	N	N
Pretoria	764	161	75	1 000
OVS	352	23	27	402
Mangosuthu	-	1	240	241
Vaaldriehoek	315	97	69	481
Port Elizabeth	131	220	39	390
Witwatersrand	142	668	190	1 000
Kaapstad	372	463	99	934
M.L. Sultan	3	999	35	1 037
Natal	28	838	97	963
Noord-Transvaal	-	1	216	217
Skiereiland	210	104	123	437

TABEL 2.7

VOORNEMENDE STUDENTE:

DEELNAME BY DIE INDIWIDUELE TECHNIKONS VOLGENS ONDERWYSPEIL

	St. 8 en 9	St. 10	Reeds skool verlaat	Totaal
	N	N	N	N
Pretoria	11	170	105	286
Witwatersrand	23	112	51	186
Mangosuthu	19	17	4	40
M.L. Sultan	-	14	21	35
Port Elizabeth	3	37	51	91
Kaapstad	13	33	39	85
OVS	5	34	53	92
Skiereiland	2	24	66	92
Vaaldriehoek	34	118	39	191

HOOFSTUK 3

BEVINDINGE

3.1 INLEIDING

Die aanbieding van die bevindinge van die ondersoek geskied soos volg:

Eerstens word gerapporteer oor die persepsies en gesindhede van die verskillende groepe oor naskoolse opleidingsgeleenthede in die algemeen en teknikons en tegniese opleiding in die besonder.

Daarna volg 'n bespreking van die bevindinge wat gemaak is oor faktore wat 'n rol speel by potensiële studente se besluite oor naskoolse onderwys en opleiding, veral vir sover dit betrekking het op die keuse vir universiteits-/tegnikononderwys. Daarmee saam word ook gerapporteer oor die relatiewe belangrikheid van bepaalde omgewingsveranderlikes, soos kampusfasiliteite en die beskikbaarheid van professionele sportafrigting, op die voorkeure van studente/potensiële studente om na 'n bepaalde naskoolse onderwysinrigting te gaan. Ander omgewingsveranderlikes wat ook binne die konteks ondersoek is, sluit in faktore soos die 'status van die inrigting', die aanwesigheid van 'n familielid/vriend by 'n bepaalde inrigting, die medium van onderrig en die standaard van opleiding wat met die inrigting geassosieer word.

Hierop volg 'n bespreking oor bepaalde verbande wat ondersoek is tussen skoolverwante faktore soos die studierigtings wat op skool gevolg word en die verwerwing van universiteitsvrystelling al dan nie aan die een kant en die voorkeur van studente om opleiding aan 'n technikon/universiteit te ontvang aan die ander kant. Die keuse van studierigting op skool en die verwerwing van 'n universiteitstoelatingskwalifikasie al dan nie beteken vir baie studente letterlik die verskil tussen technikon- of universiteitsopleiding.

Laastens word verslag gedoen oor die 'blootstelling' van teknikons aan die gemeenskap. 'n Blootstellingsprofiel van verskillende tipes naskoolse onderwysinrigtings soos gebaseer op die gemiddelde aantal lede van huishoudings wat self aan so 'n betrokke inrigting gestudeer het, is vir die doel bereken. Saam hiermee word gerapporteer oor die deelname/betrokkenheid/bywoning van potensiële studente aan openbare funksies of aktiwiteite wat deur teknikons gereël of aangebied word en die moontlike rol wat dit kan speel om studente gunstig te beïnvloed om technikonopleiding te ondergaan.

3.2 PERSEPSIES EN HOUDINGS OOR TECHNIKONS/TECHNIKONOPLEIDING/ TECHNIKONSTATUS

Om die persepsie van die verskillende ondersoekgroepe met betrekking tot naskoolse onderwysinstellings in die algemeen en teknikons in die besonder te bepaal, is eerstens 'n aantal toepaslike stellings geformuleer en aan die respondente voorgehou sodat hulle moes aandui in watter mate hulle daarmee saamstem. Die stellings is geselekteer om so 'n wye verskeidenheid van beskouings en uitsprake as moontlik oor die status van naskoolse opleidingsgeleenthede en instansies wat dit aanbied in te sluit. Die meeste van die stellings was geformuleer om nie slegs die respondente se ingeligtheid of algemene kennis oor naskoolse onderwys en opleidingsgeleenthede in die algemeen te ondersoek nie, maar terselfdertyd ook 'n aanduiding te kry van hulle eie houding of gesindheid jeens teknikons of technikonopleiding in die besonder. Aanvullend tot die reeks stellings waarop respondente moes reageer, is sommige groepe ook versoek om hulle eie interpretasie te gee van wat hulle meen die gemeenskap dink van teknikons en die opleiding wat daarmee geassosieer word.

'n Samevatting van die persentasie-verdeling van response van onderskeidelik die st. 10's, voornemende studente en eerstejaarsgroep, word in tabel 3.1 gerapporteer en dié van die ouer-ondersoekgroep in tabelle 3.2(a) en (b). In albei gevalle word volstaan met 'n oorsigtelike bespreking van die gegewens.

TABEL 3.1
PERSEPSIE VAN ST. 10'S, VOORNEMENDE STUDENTE EN EERSTEJAARS OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSGELEENTHEDE, -INSTANSIES

Stellings	Ja			Nee			Onseker			Totaal		
	St. 10	Voor-nemend	Nuveling-eerste-jaars	St. 10	Voor-nemend	Nuveling-eerste-jaars	St. 10	Voor-nemend	Nuveling-eerste-jaars	St. 10	Voor-nemend	Nuveling-eerste-jaars
Persone met universiteitskwalifikasies het groter aansien in die gemeenskap as persone met technikonkwalifikasies.	37,9	26,5	25,3	44,2	54,0	58,2	17,9	19,5	16,5	100	100	100
'n Persoon met technikonopleiding kan net so maklik soos 'n universiteitsgekwalifiseerde 'n bestuursposisie in 'n maatskappy beklee.	51,4	69,5	72,6	22,4	10,8	9,6	26,2	19,7	17,8	100	100	100
Technikonopleiding is veral bedoel vir persone wat handvaardig/prakties aangele is.	42,7	35,2	37,4	34,6	37,9	39,7	22,7	26,8	22,9	100	100	100
Wiskunde en wetenskap is 'n voorvereiste vir alle tegniese studierigtings aan teknikons.	19,5	18,9	23,4	40,6	42,8	43,0	39,9	38,3	33,5	100	100	100
Persone met universiteitskwalifikasies verdien 'n groter inkomste as diegene met technikonkwalifikasies.	26,6	17,8	19,9	40,6	55,9	53,7	32,8	26,3	26,4	100	100	100
Die meeste mense is oningelig oor die verskeidenheid kursusse wat by teknikons aangebied word.	83,0	82,6	79,1	8,1	8,2	10,0	8,8	9,2	10,9	100	100	100
Persone met universiteitskwalifikasies het beter bevorderingsmoontlikhede as persone met technikonkwalifikasies.	35,0	27,0	23,1	36,0	51,2	53,1	29,0	21,8	23,8	100	100	100
Leerlinge wat gemiddeld op skool presteer, moet liever aan 'n technikon as 'n universiteit gaan studeer.	43,9	40,5	39,8	36,6	43,8	42,7	19,5	15,7	17,5	100	100	100
Universiteite is die enigste inrigtings waar professionele opleiding aangebied word.	12,0	4,2	3,6	65,9	83,7	84,7	22,1	12,1	11,7	100	100	100
Slegs universiteite lei mense vir hoeflakberoepe op.	19,2	8,7	7,9	58,4	75,1	78,8	22,4	16,3	13,3	100	100	100
Technikonopleiding is geskikter vir mans as vir vroue.	13,0	5,2	5,2	69,2	82,3	82,8	17,8	12,4	12,0	100	100	100
Die gehalte van kursusse wat by teknikons aangebied word, is goed.	66,2	82,7	88,7	4,4	2,5	2,5	29,4	14,8	8,8	100	100	100
Dieselfde tipe kwalifikasies kan aan 'n technikon as aan 'n tegniese kollege verwerf word.	24,5	19,6	18,1	19,2	26,8	32,2	56,3	53,5	49,7	100	100	100
Om te kan slaag moet 'n mens harder aan 'n universiteit as aan 'n technikon studeer.	38,0	21,5	19,2	37,2	60,3	61,9	24,8	18,2	18,8	100	100	100
Persone met 'n technikonkwalifikasie word hoofsaaklik deur die privaatsektor in diens geneem.	15,5	12,9	12,3	23,3	35,5	38,1	61,2	51,6	49,6	100	100	100
Net persone wat in 'n tegniese rigting opgelei wil word, kan aan 'n technikon studeer.	14,3	10,9	11,6	53,0	67,8	65,6	32,7	21,2	22,8	100	100	100
Technikons bied dieselfde kursusse as universiteite aan, net makliker/op 'n laer standaard.	24,5	19,9	22,2	30,7	42,4	44,2	44,8	37,7	33,6	100	100	100

* Uitgedruk as persentasie van die totale getal respondente.

Indien tabel 3.1 beskou word, is die eerste aspek wat opval die besonder groot variasie in die response binne, maar ook tussen groepe onderling. 'n Noukeurige inspeksie van die data toon egter wel sekere responspatrone wat vir die verskillende groepe min of meer dieselfde neiging toon. Die opvallendste hiervan is die neiging dat die meerderheid respondente nie saamgestem het met stellings waarin daar 'n onderskeid gemaak word tussen die status van universiteits- en technikonopleiding nie, maar wel met stellings waarin technikonopleiding gelyk gestel word met universiteitsopleiding. Ook was daar nêrens 'n aanduiding dat technikonopleiding oor die algemeen as minderwaardig geag word nie. So byvoorbeeld het tussen 51 en 73 persent saamgestem dat 'n persoon met technikonopleiding net so maklik soos 'n universiteitsgekwalfiseerde 'n bestuursposisie in 'n organisasie kan beklee, terwyl tussen 58 en 79 persent nie saamgestem het dat universiteite die enigste instansies is wat mense vir hoëvlakberoep oplei nie. Des nietemin word die proporsie respondente wat wel saamgestem het dat daar 'n verskil in status is, nie as ignoreerbaar klein beskou nie.

'n Tweede aspek wat opval, is dat hoewel die responstendense by die verskillende ondersoekgroepe min of meer dieselfde patroon volg, daar tog 'n baie duidelike verskil in die ordegroottes van persentasies aan te toon is, veral tussen dié van die standerd 10's en die ander twee groepe. 'n Aansienlik groter proporsie st. 10's stem byvoorbeeld saam dat persone met universiteitskwalifikasies hoër status in die gemeenskap geniet as teknikongekwalifiseerdes en dat hulle 'n groter inkomste verdien as persone met technikonkwalifikasies. Die st. 10-ondersoekgroep kan uit die aard van die saak nie soos die eerstejaars of selfs die voornemende studentegroep as 'n geselekteerde groep technikonstudente of potensiële technikonstudente beskou word nie, en daarom kan 'n andersoortige responstendens in dié verband geredeliker hier by hulle verwag word.

Verder blyk dit dat daar onder die verskillende groepe 'n verbasend hoë persentasie respondente was wat klaarblyklik onkundig is oor

sekere feitelike aspekte rakende technikonopleiding. Daarvan getuig die hoë persentasie onseker-response wat ten opsigte van sekere stellings tot so hoog as 56 persent was. So byvoorbeeld het die meeste respondente by al die groepe òf onseker òf bevestigend geantwoord op die volgende stellings, naamlik dat technikonopleiding veral bedoel is vir persone met praktiese handvaardigheid, dat wiskunde en wetenskap 'n voorvereiste is vir tegniese studierigtings aan teknikons, dat persone met technikonkwalifikasies hoofsaaklik deur die privaatsektor in diens geneem word, dat net persone wat in tegniese rigtings opgelei wil word aan teknikons kan studeer en dat dieselfde tipe kwalifikasies aan tegniese kolleges as aan teknikons verwerf kan word.

Volgens tabel 3.2(a) toon die responspatroon van die ouer-ondersoekgroep soortgelyke neigings as dié van die ander drie groepe. Dit is nodig om daarop te wys dat die reeks stellings waarop die ouer-ondersoekgroep gevra is om te reageer in twee opsigte verskil het van dié wat aan die ander drie groepe gegee was. Eerstens was al die stellings nie woordeliks dieselfde nie en tweedens moes die response op 'n vyfpuntskaal gegee word met 1 as volkome instemming en 5 as ontkenning. Om vergelyking moontlik te maak, is responswaardes 1 en 2 as 'n ja-respons, 3 as 'n onseker-respons en 4 en 5 as 'n nee-respons geïnterpreteer.

Een van die eerste aspekte wat opval, is dat hoewel die meeste respondente saamstem dat daar 'n positiewe verband is tussen universiteitsopleiding aan die een kant en persoonlike en werkstatus aan die ander kant, teknikons nie met minderwaardige opleiding geassosieer is nie. Daar was trouens onderskeidelik ongeveer 64 en 75 persent van die respondente wat nie saamgestem het dat universiteitsopleiding noodwendig die beste is nie en dat persone met technikonopleiding oorwegend hande-arbeid verrig nie. Ongeveer net so veel respondente het aangedui dat meer st. 10-leerlinge technikonopleiding behoort te ontvang. Twee aspekte waaroor daar 'n sterk mate van eenstemmigheid bestaan, was naamlik dat technikonopleiding nie noodwendig meer geskik is vir mans as vir vroue nie en dat per-

TABEL 3.2 (a)

PERSEPSIE VAN OUER-ONDERSOEKGROEP OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSGELEENTHEDE EN -INSTANSIES

		Ja	Nee	Onseker	Totaal
Persone in hoëvlakberoepes het universiteitsopleiding	N %	484 51,0	338 35,6	127 13,4	949 100
Middelvlakberoepes vereis technikonopleiding	N %	270 28,4	501 52,7	179 18,8	950 100
Professionele opleiding slegs deur middel van universiteit	N %	280 29,5	570 60,0	100 10,5	950 100
Tegniese kolleges vir persone voor st. 10	N %	272 28,6	529 55,7	149 15,7	950 100
Persone met technikonopleiding verrig hande-arbeid	N %	114 12,0	708 74,5	128 13,5	950 100
Slegs universiteite reik grade uit	N %	618 65,1	195 20,5	137 14,4	950 100
Hoë prestee-rders in st. 10 na universiteit	N %	602 63,4	258 27,2	90 9,5	950 100
Goeie prestasie in Wiskunde en Wetenskap na universiteit	N %	743 78,2	133 14,0	74 7,8	950 100
Technikons nie goed bekend nie	N %	589 62,0	224 23,6	137 14,4	950 100
Persone in bestuursposte het naskoolse opleiding	N %	515 54,2	303 31,9	132 13,9	950 100
Swak prestee-rders in st. 10 ontvang nie naskoolse opleiding nie	N %	85 8,9	801 84,3	64 6,7	950 100
Technikonopleiding meer geskik vir mans	N %	87 9,2	737 77,6	126 13,3	950 100
Koste bepaal soort opleiding wat gevolg word	N %	323 34,0	515 54,2	112 11,8	950 100
Blankes verkies universiteitsopleiding	N %	581 61,2	194 20,4	175 18,4	950 100
Opleidingspeil belangrik vir status	N %	569 59,9	260 27,4	121 12,7	950 100
Meer blankes moet universiteits-opleiding ontvang	N %	647 68,1	177 18,6	126 13,3	950 100
Technikon gekwalifiseerdes werksaam in privaatsektor	N %	433 45,6	250 26,3	267 28,1	950 100
Universiteitsopleiding is die beste	N %	237 24,9	612 64,4	101 10,6	950 100
Persone met tegniese aanleg na technikon	N %	598 62,9	201 21,2	151 15,9	950 100
Meer st. 10-leerlinge moet na universiteit	N %	410 43,2	396 41,7	144 15,2	950 100
Onkunde oor wat tegniese kolleges aanbied	N %	775 81,6	74 7,8	101 10,6	950 100
Opleidingspeil van tegniese kolleges en technikon dieselfde	N %	179 18,8	326 34,3	445 46,8	950 100
Beurse bepaal soort opleiding	N %	352 37,1	470 49,5	128 13,5	950 100

sone wat technikonopleiding ontvang nie hoofsaaklik handewerk verrig nie. Die meeste assosieer teknikons egter wel baie sterk met tegniese opleiding. In aansluiting hierby volg uit tabel 3.2(b) dat die meeste respondente tegniese onderwys nie sterk geassosieer het met leerlinge wat swak op skool vaar of met onderwys wat hoofsaaklik vir seuns bedoel is nie, maar wel met ambagsopleiding en met persone wat handvaardig is en wat praktiese werk verrig. Wat ook opval is dat daar sowat 15 persent meer respondente was wat saamgestem het dat tegniese onderwys deur tegniese kolleges verskaf word as wat saamgestem het dat tegniese onderwys deur teknikons aangebied word.

Net soos by die ander groepe het die ouer-ondersoekgroep ook saamgestem dat mense oor die algemeen onkundig is oor teknikons. Voorts het ongeveer 35 persent te kenne gegee dat dit nie net universiteite is wat grade uitreik nie (dat daar dus by implikasie naas universiteite ook ander tipe naskoolse onderwysinstansies in die RSA is wat grade uitreik) of hulle was onseker daaroor.

Wat die status van opleiding betref, stem nagenoeg 60 persent van die respondente saam dat opleidingspeil wel belangrik is vir die bepaling van 'n mens se status in die gemeenskap. Die meeste respondente het ook saamgestem met die stellings dat meer blankes as wat tans die geval is universiteitsopleiding moet ontvang en dat die meeste blankes in elk geval universiteitsopleiding vir hulle kinders verkies. In die geval van die ouer-ondersoekgroep is respondente gevra om na aanleiding van die stelling "Die plek waar 'n persoon sy opleiding ontvang het, bepaal so 'n persoon se status in die gemeenskap." aan te dui of hulleself en ander daarmee saamstem al dan nie. Die response wat in tabel 3.3 gerapporteer word weerspieël 'n algemene eenstemmigheid daarmee.

Omdat verwag is dat dit ook iets van 'n persoon se persepsie en houding teenoor die status van sy alma mater sou weerspieël is gepoog om vas te stel in watter mate 'n afgestudeerde inderdaad bereid is om steeds positief met sy alma mater te identifiseer. Die

TABEL 3.2 (b)

PERSEPSIE VAN OUER-ONDERSOEKGROEP OOR TEGNIESE ONDERWYS

		Ja	Nee	Onseker	Totaal
Behels baie praktiese werk	N	636	111	199	946
	%	67,2	11,7	21,0	100
Is vir handvaardige persone bedoel	N	464	307	176	947
	%	49,0	32,4	18,6	100
Word deur teknikons verskaf	N	456	208	283	947
	%	48,2	22,0	29,9	100
Word gevolg deur leerlinge wat swak vaar	N	120	711	116	947
	%	12,7	75,1	12,3	100
Is vir seuns bedoel	N	139	696	133	948
	%	14,7	73,4	11,9	100
Word deur tegniese kolleges aangebied	N	599	124	225	948
	%	63,2	13,1	23,7	100
Lei tot ambagsmanopleiding	N	488	284	176	948
	%	51,5	30,0	18,6	100
Sal dit nie vir eie kinders aanbeveel nie	N	92	777	80	949
	%	9,7	81,9	8,4	100

TABEL 3.3

DIE TIPE INRICHTING WAAR 'N PERSOON SY/HAAR OPLEIDING ONTVANG, BEPAAL SO 'N PERSOON SE AANSIEN IN DIE GEMEENSAP

		Ja	Nee	Onseker	Totaal
Usself	N	623	264	49	936
	%	66,6	28,2	5,2	100
Meeste mense in u woonbuurt	N	540	116	282	938
	%	57,6	12,4	30,1	100
Meeste blankes in die RSA	N	578	80	280	938
	%	61,2	8,5	29,9	100
Meeste Afrikaanssprekendes	N	588	87	263	938
	%	62,1	9,2	28,0	100
Meeste Engelssprekendes	N	538	93	307	938
	%	57,4	9,9	32,7	100
U eggenoot/eggenote	N	600	249	90	939
	%	63,9	26,5	9,6	100


identifikasie wat 'n persoon vorm met die plek of tipe inrigting waar hy opleiding ontvang het, kan medebepalend wees vir sy gemotiveerdheid al dan nie om sy eie kinders aan te moedig om soortgelyke opleiding te ontvang.

Na aanleiding hiervan is die ouer-ondersoekgroep versoek om indien hulle vandag weer 'n loopbaankeuse kon maak, aan te dui aan watter tipe inrigting hulle graag opleiding sou wou ontvang. Deur middel van 'n ooreenstemmingsanalise is vasgestel of daar inderdaad assosiasies aangetoon kan word tussen die respondent se eie opleiding en sy voorkeur indien hy weer die geleentheid daartoe sou kry.

Dit blyk uit figuur 1 dat diegene wat aanvanklik hulle opleiding aan 'n universiteit, onderwyskollege of technikon ontvang het, geneig is om die sterkste met heropleiding aan 'n universiteit te assosieer, terwyl daar nie 'n ewe sterk assosiasie vir heropleiding aan enige van die ander alternatiewe tipe naskoolse opleidingsinstansies blyk te wees nie. Hierdie en ander analises wat op die data gedoen is, bevestig dat daar inderdaad 'n mate van idealisering van universiteitsopleiding onder die blanke gemeenskap aanwesig is. Dit is waarskynlik die gevolg van die veel langer tradisie van universiteitsopleiding as ander vorme van opleiding in die RSA. Hierbenewens moet aanvaar word dat behalwe vir universiteits- en technikonopleiding, die res van die inrigtings uit die aard van hulle taak eng beroepsgerig is en 'n identifikasie met die tipe inrigting beteken eintlik tegelyk 'n identifikasie met 'n bepaalde beroep as sodanig.

Laastens is daar ook gepoog om die status van technikonopleiding in verband te bring met die verwagte verdienvermoë van persone wat technikonopleiding het teenoor die wat hul opleiding aan 'n ander instansie gekry het en tweedens met die verwagte bevorderingsgeleenthede na senior betrekings vir die persone. Die respondentë is versoek om op 'n vierpuntskaal aan te dui wat die moontlikheid is van persone wat aan een van 'n verskeidenheid van naskoolse opleidingsinstansies opgelei is om (a) 'n goeie salaris te verdien

FIGUUR 1
OPLEIDING ONTVANG TEENOOR OPLEIDING VERKIES



KH = Verkies heropleiding aan tegniese kollege
 UH = Verkies heropleiding aan 'n universiteit
 TH = Verkies heropleiding aan technikon
 OH = Verkies heropleiding aan onderwyskollege
 LH = Verkies heropleiding aan landboukollege
 VH = Verkies heropleiding aan verpleegkollege

KO = Het opleiding aan tegniese kollege ontvang
 UO = Het opleiding aan 'n universiteit ontvang
 TO = Het technikonopleiding ontvang
 OO = Het opleiding aan onderwyskollege ontvang
 LO = Het opleiding aan landboukollege ontvang
 VO = Het opleiding aan verpleegkollege ontvang

en (b) 'n senior betrekking te beklee. Die rekenkundige gemiddelde van die response van die groep as 'n geheel word grafies in figuur 2 aangetoon.

Uit figuur 2 blyk dat persone met universiteitsopleiding inderdaad geassosieer word met die hoogste verdienvermoë (3,9), gevolg deur technikonopleiding (3,7), tegniese kollege-opleiding (3,3), landboukollege-opleiding (3,1) en onderwyskollege-opleiding (3,0). Min of meer dieselfde hiërargie kom voor ten opsigte van die verwagting van 'n persoon om 'n senior betrekking te beklee.

Vervolgens is ondersoek ingestel na die moontlike effek wat veranderlikes soos die geslag van die respondent, die beroep wat beoefen word, die tipe inrigting waar opleiding ontvang is en die beroep van die eggenoot/eggenote kan hê op die wyse waarop daar op die verskillende stellings gereageer is. Dit is gedoen deur 'n meer-veranderlike variansie-analise op die data uit te voer.


'n Onderlinge vergelyking van die F-waardes (tabel 3.4) het getoon dat hoewel geeneen van die betrokke veranderlikes 'n oorhoofse effek het nie, minstens twee van hierdie veranderlikes, naamlik die opleiding wat die respondent ontvang het en die beroep wat hy beoefen, wel in sommige gevalle 'n betekenisvolle verskil maak.

Vervolgens is daar ook ondersoek ingestel of die response op die verskillende stellings vir groepe onderling verskil. Dit is slegs eksploratief gedoen deur die toepassing van 'n CHAID-analise* op elkeen van die stellings afsonderlik. In die geval van die st. 10-en die eerstejaar-ondersoekgroepe is die volgende aspekte as voorspellers/onafhanklike veranderlikes gebruik: huistaal, geslag, bevolkingsgroep, studierigting op skool gevolg en of die respondent universiteitsvrystelling het/verwag om dit te verwerf al dan nie. In die geval van die ouer-ondersoekgroep is twee afsonderlike toe-


*In die geval van die voornemende studente-ondersoekgroep was die N te klein om die CHAID sinvol toe te pas.

FIGUUR 2
 VERWAGTE INKOMSTE EN BEVORDERING VOLGENS PLEK VAN OPLEIDING

(a) Inkomste



(b) Bevordering



TABEL 3.4

OUER-ONDERSOEKGROEP: MANOVA en ANOVA F-WAARDES VIR DIE BEPALING VAN EFFEKTE VAN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES OP VERDIENVERMOË EN BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE.

(a) MANOVA F-waardes: Hoofeffekte				
	Verdienvermoe		Bevorderingsmoontlikhede	
	F-waarde	P 7 F	F-waarde	P 7 F
Geslag	1,56	0,1452	0,19	0,9861
Opleiding: self	1,05	0,3562	1,02	0,4277
Beroep: self	1,30	0,1475	1,16	0,0946
Beroep: eggenoot	1,00	0,4972	0,94	0,6909

(b) ANOVA F-waardes: Spesifieke effekte ten opsigte van verdienvermoe				
	Geslag	Opleiding: self	Beroep: self	Beroep: eggenoot
Universiteit	2,18	0,82	1,09	0,66
Technikon	1,16	1,68*	1,09	1,11
Tegniese kollege	0,29	1,95*	1,14	0,95
Onderwyskollege	0,76	0,51	0,83	0,92
Landboukollege	0,59	0,91	1,34	0,53
Verpleegkollege	2,21	1,48	1,33	1,29
Slegs indiensopleiding	3,41	1,36	1,54	0,95

(c) ANOVA F-waardes: Spesifieke effekte ten opsigte van bevorderingsmoontlikhede				
	Geslag	Opleiding: self	Beroep: self	Beroep: eggenoot
Universiteit	0,02	0,69	1,10	1,50
Technikon	0,32	0,98	1,62*	1,15
Tegniese kollege	0,08	1,70*	1,34	0,87
Onderwyskollege	0,16	0,55	1,32	0,60
Landboukollege	0,05	0,89	1,55	0,71
Verpleegkollege	0,11	1,22	0,88	0,97
Slegs indiensopleiding	0,05	1,35	1,45	1,09

* Betekenisvol op die 5%-peil.

passings op 'n geselekteerde aantal stellings gedoen. In die eerste geval is die volgende as onafhanklike veranderlikes gebruik, naamlik geslag, ouderdom, huistaal en opleiding deurloop. In die tweede geval is 'n vyfde veranderlike bygevoeg, naamlik die voorkeur wat die respondent het indien hy weer 'n keuse ten opsigte van opleidingsinstansie kon maak. 'n Opsomming van die uitvoere word in tabelle 3.5(a) en (b) gegee.

Tabel 3.5(a) toon dat die interaksies by die st. 10-groep baie duidelik verskil van dié by die eerstejaars-ondersoekgroep. In die geval van die st. 10's toon 'die verwerwing van universiteitstoelating' by al die stellings die sterkste interaksie met die afhanklike veranderlike, terwyl die veranderlike huistaal weer die sterkste interaksie met die afhanklike veranderlike by die eerstejaars toon. By albei groepe blyk geslag en bevolkingsgroep die tweede sterkste interaksie te hê. Die dominante rol wat universiteitstoelating by die st. 10-groep speel, reflekteer in 'n groot mate die kanaliseringseffek daarvan deurdat dit letterlik die verskil kan maak tussen universiteits- of technikonopleiding.

In die geval van die ouer-ondersoekgroep kom die rol van huistaal ook baie duidelik na vore (vergelyk tabel 3.5 (b)). By die meeste stellings het dit die sterkste interaksie met die afhanklike veranderlike getoon hoewel die oorskrydingswaarskynlikhede nie besonder hoog is nie. Oor die algemeen was effens meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes geneig om universiteitsopleiding met hoëvlakberoepe te assosieer, en tegniese onderwys met onderwys vir seuns en met persone wat handvaardig is.

Die samevattende indruk wat na aanleiding van voorgenoemde geskep word, is dat Engelssprekendes oor die algemeen geneig is om effens meer positief teenoor tegniese onderwys en technikonopleiding as Afrikaanssprekendes te staan, soos trouens ook gereflekteer word deur die aanwesigheid van proporsioneel meer Engelssprekende as Afrikaanssprekende technikonstudente.

TABEL 3.5(a)

OPSOMMING VAN CHAID-ANALISES (SLEGS EERSTE DRIE VERDEELERS) TEN OPSIGTE
VAN DIE STELLINGS OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN -INSTANSIES

Stellings	Voorspellers * Geslag, Huistaal, Studierigting, Bevolkingsgroep, Universiteitstoelating	
	St. 10-leerlinge	Nuveling-eerstejaarstudente
Persone met universiteitskwalifikasies het groter aansien in die gemeenskap as persone met technikonkwalifikasies.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (9,5441E-14%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (6,4466E-17%) 2. Bevolkingsgroep/Geslag (0,0001764%/4,2686E-07%) 3. Geslag/Huistaal (0,0014786%/0,0442671%)
'n Persoon met technikonopleiding kan net so maklik soos 'n universiteitsgekwalfiseerde 'n bestuursposisie in 'n maatskappy beklee.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (1,8182E-10%) 2. Geslag (0,0018774%)
Technikonopleiding is veral bedoel vir persone wat handvaardig/prakties aangelê is.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (2,4669E-51%) 2. Studierigting/Bevolkingsgroep (0,0012161%/0,0023512%) 3. Geslag/Huistaal/Bevolkingsgroep (4,5151815%/2,9036202%/10,0234190%)
Wiskunde en wetenskap is 'n voorvereiste vir alle tegniese studierigtings aan teknikons.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Studierigting (1,2607E-95%) 2. Geslag/Huistaal (1,9827E-28%/1,2920E-19%) 3. Huistaal/Bevolkingsgroep/Geslag (2,7078E-09%/0,0015722%/1,1063E-06%)
Persone met universiteitskwalifikasies verdien 'n groter inkomste as diegene met technikonkwalifikasies.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bevolkingsgroep (3,0485E-33%) 2. Geslag (2,1647E-17%) 3. Studierigting/Universiteitstoelating (0,0003311%/0,6232298%)
Die meeste mense is oningelig oor die verskeidenheid kursusse wat by teknikons aangebied word.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (3,6620E-31%) 2. Universiteitstoelating/Bevolking (0,7581449%/0,0003764%) 3. Universiteitstoelating (0,0794224%)
Persone met universiteitskwalifikasies het beter bevorderingsmoontlikhede as persone met technikonkwalifikasies.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Geslag (7,1477E-27%) 2. Bevolkingsgroep (0,0004957%) 3. Universiteitstoelating (0,0149602%)
Leerlinge wat gemiddeld op skool presteer, moet liever aan 'n technikon as 'n universiteit gaan studeer.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (2,6099E-10%) 2. Huistaal/Bevolkingsgroep (1,6533E-08%/0,0001450%) 3. Geslag (4,2014256%)

(Vervolg)

TABEL 3.5(a) (VERVOLG)

Universiteite is die enigste inrigtings waar professionele opleiding aangebied word.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Geslag (7,0301E-10%) 2. Universiteitstoelating (0,0062412%) 3. Bevolkingsgroep (0,1291141%)
Slegs universiteite lei mense vir hoëvlak-beroepe op.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (0,0004513%) 2. Geslag/Huistaal (0,0265177%/0,177896%) 3. Geslag (1,5102816%)
Technikonopleiding is geskikter vir mans as vir vroue.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bevolkingsgroep (4,4712E-75%) 2. Geslag (2,6151E-32%) 3. Universiteitstoelating (0,1703165%)
Die gehalte van kursusse wat by teknikons aangebied word, is goed.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (5,7934E-18%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (0,0039326%/0,0001094%) 3. Bevolkingsgroep/Geslag/Huistaal (0,8990859%/2,1813E-05%/1,4817E-06%)
Dieselfde tipe kwalifikasies kan aan 'n teknikon as aan 'n tegniese kollege verwerf word	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bevolkingsgroep (2,9135E-79%) 2. Studierigting/Huistaal/Geslag (9,9078E-20%/0,0135156%/0,0053821%) 3. Huistaal/Geslag/Studierigting/Universiteitstoelating (0,0135156%/5,6583E-06%/0,0003311%/0,5779439%)
Om te kan slaag moet 'n mens harder aan 'n universiteit as aan 'n teknikon studeer.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (2,0560E-12%) 2. Geslag (5,6583E-06%) 3. Universiteitstoelating (0,5779439%)
Persone met 'n teknikonkwalifikasie word hoofsaaklik deur die privaatsektor in diens geneem.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (3,0274E-54%) 2. Geslag (4,6359E-11%) 3. Bevolkingsgroep/Huistaal (0,5653948%/3,3234777%)
Net persone wat in 'n tegniese rigting opgelei wil word, kan aan 'n teknikon studeer.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-45%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huistaal (7,8823E-76%) 2. Bevolkingsgroep/Geslag (3,4779E-05%/0,0538184%) 3. Geslag/Universiteitstoelating (0,0025833%/0,0539895%)
Technikons bied dieselfde kursusse as universiteite aan, net makliker/op 'n laer standaard.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Universiteitstoelating (3,0006E-48%) 2. Geslag/Bevolkingsgroep (1,9902E-10%/9,5441E-14%) 3. Bevolkingsgroep (0,0002240%) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Bevolkingsgroep (1,0109E-34%) 2. Universiteitstoelating/Huistaal/Geslag (1,7855E-13%/0,0331717%/0,0097176%) 3. Geslag/Universiteitstoelating (3,2826E-06%/0,1506289%)

* Betekenisvol op die 5%-peil.

TABEL 3.5(b)
OUER-ONDERSOEKGROEP

OPSOMMING VAN CHAID-ANALISES
(SLEGS EERSTE DRIE VERDELERS) TEN OPSIGTE VAN STELLINGS
OOR NASKOOLSE OPLEIDINGSMOONTLIKHEDE EN -INSTANSIES

	Voorspellers*	
	Geslag, Huistaal, Ouderdom Opleiding ontvang	Geslag, Huistaal, Ouderdom, Opleiding ontvang, Heropleiding verkies
Persone in hoëvlakberoepes het universiteitsopleiding	1. Huistaal (0,4253899%)	1. Huistaal (0,5350338%)
Tegniese kolleges vir persone voor St. 10	1. Huistaal (0,1571906%)	1. Huistaal (0,3112122%) 2. Heropleiding verkies(0,2550505%)
Slegs universiteite reik grade uit	1. Huistaal (0,0516637%)	1. Ouderdom (0,0099549%)
Hoë presteerders in St. 10 na universiteit		1. Heropleiding verkies(0,0611865%)
Koste bepaal soort opleiding wat gevolg word	1. Opleiding ontvang(2,1766E-07%)	
Technikongekwalifiseerdes werkzaam in privaatsektor		1. Huistaal (0,0016960%) 2. Geslag (0,3527388%)
Tegniese onderwys is bedoel vir persone wat handvaardig is	1. Huistaal (0,2381457%)	1. Geslag (1,7484598%) 2. Heropleiding verkies(0,5799208%)
Tegniese onderwys is vir seuns bedoel	1. Huistaal (0,4070286%)	1. Huistaal (0,4088615%)

* Betekenisvol op die 5%-peil.

Dikwels is mense geneig om hulle eie gevoelens en indrukke op ander oor te dra en hulleself op die wyse te vrywaar van moontlike kritiek in die verband. Waar mense moontlik 'n mate van terughoudendheid het om hulle eie siening van sake weer te gee, word daar dikwels in navorsing gebruik gemaak van die indirekte metode wat wel in die geval van hierdie ondersoek gedoen is. In die geval van die st. 10-leerlinge, die voornemende en eerstejaarstudente is die respondente versoek om by wyse van vrye ekspressie (oop vraag) te beskryf wat hulle meen die gemeenskap se persepsie van teknikons is.

Die antwoorde wat ontvang is, was baie uiteenlopend van aard, maar in breë trekke kan dit beskou word as 'n bevestiging van die beeld waarna reeds hierbo verwys is. Die volledige response word in tabel 3.6 gerapporteer en is grootliks selfverduidelikend.

'n Belangrike aanleidende rede vir die ondersoek na die beeld van teknikons was die besorgheid dat die gemeenskap onkundig en oningelig is oor tegniese onderwys in die algemeen en teknikons in die besonder. In verskeie opsigte is daar in hierdie ondersoek reeds bevestiging hiervoor gevind, byvoorbeeld dat die oorgrote meerderheid respondente saamgestem het met die stelling dat mense wel oningelig is oor teknikons. Daar is egter ook besluit om wat sekere groepe betref (st. 10's en voornemende studentegroep), vas te stel of hulle weet watter tipe kwalifikasies by verskillende tipes nasionale inrigtings verwerf kan word en ook wat die hoogste kwalifikasie is. Die response word in tabelle 3.7(a) en (b) weergegee.

'n Verbasende groot mate van onkunde het hieruit geblyk veral ten opsigte van nie-universitêre opleidingsinstansies waar daar byvoorbeeld 59 persent van die st. 10's was wat nie geweet het wat die hoogste kwalifikasie is wat aan 'n technikon verwerf kan word nie. Terselfdertyd het bykans 7 persent aangedui dat 'n mens wel 'n graad aan 'n technikon kan verwerf.

TABEL 3.6
DIE GEMEENSAP SE HOUDING TENOOR TEHNIKONOPLEIDING SOOS
DEUR DIE ONDEKSEIE STUDENTE-ONDEKSOEKGRUPE GEINTERPRETEER

HOUDINGS	St. 10- leerlinge		Voornemende Studente		Nuveling- eerstejaar- studente	
	N	%	N	%	N	%
Sommige positief, ander negatief, gemiddeld	170	3,8	52	5,5	224	4,8
Tevrede, gelukkig, positiewe houding, goeie gesindheid	554	12,5	220	23,3	1 211	26,1
Belangstelling neem toe, houdinge verander ten goede	85	1,9	36	3,8	272	5,9
Persone met universiteitsopleiding kry voorkeur	67	1,5	15	1,6	61	1,3
Word as 'n laer kwalifikasie beskou/minderwaardig teenoor universiteite	1 067	24,1	222	23,5	964	20,8
Technikonopleiding makliker/meer prakties as by universiteite	655	14,8	80	8,5	453	9,8
Bale mense is oningelig oor teknikons, onkundig	564	12,8	105	11,1	374	8,1
Die gehalte van die kursusse by teknikons is goed	74	1,7	36	3,8	238	5,1
Bale negatief/sien daarop neer	702	15,9	72	7,6	307	6,6
Vergelyk goed met/bied net soveel aan as universiteite	55	1,2	30	3,2	104	2,2
Dink dit is dieselfde as 'n tegniese kollege	14	0,3	7	0,7	21	0,5
Negatief omdat ander rasse toegelaat word	1	0,0	1	0,1		
Technikonopleiding is beter as universiteitsopleiding omdat dit meer beroepsgerig is/meer prakties/verkgevers verkies mense met technikonopleiding	125	2,8	45	4,5	261	5,6
Technikon is geskik vir mense wat tegnies/prakties aangele is	141	3,2	14	1,5	64	1,4
Technikonopleiding is te moeilik en te lank/te duur	18	0,4	1	0,1	5	0,1
Technikon bied wyer studiegeleenthede vir studente	19	0,4	2	0,2	32	0,7
Technikon bied geleentheid vir verdere studie indien universiteitsopleiding nie bekostig kan word nie	47	1,1	3	0,3	35	0,8
Technikon vereis intelligente studente/praktiese mense is nie dom nie	5	0,1	2	0,2		
Technikonkursusse is korter, kan gouer kwalifiseer	6	0,1				
Dissipline by teknikons is swak	5	0,1				
Universiteite bied op alle gebiede meer as teknikons aan	11	0,2				
Technikon is nie so 'n snobistiese instansie soos 'n universiteit nie	3	0,1				
Ouer mense daarteen; jonger mense ten gunste daarvan	4	0,1				
Technikonkursusse nie minderwaardig nie/verkies prestige van universiteit	13	0,3				
Technikon bied nie 'n wye studiekeuse aan nie	7	0,2			3	0,1
Technikonopleiding is meer vir mans bedoel	7	0,2				
Technikonopleiding is vir die persone wat 'n handelskwalifikasie wil verwerf	1	0,0				
Dink die technikon sal studente van universiteite weglok					3	0,1
Technikon vreedsaam, geen oproer, kan klaar studeer						
T O T A A L	4 420	100	943	100	4 632	100

TABEL 3.7(a)
DIE TIPE KWALIFIKASIES WAT BY ELKEEN VAN DIE VOLGENDE INRIGTINGS VERWERF KAN WORD

(i) St. 10-leerlinge									
Inrigting	Tipe kwalifikasie								
	Graad		Diploma		Sertifikaat		Weet nie		
	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*	
Universiteit	4 773	86,3	1 226	22,2	411	7,4	337	6,1	
Tegniese kollege	246	4,4	2 312	41,8	1 901	34,4	1 534	27,7	
Technikon	369	6,7	3 539	64,0	1 279	23,1	1 019	18,4	
Onderwyskollege	1 021	18,5	3 229	58,4	636	11,5	1 102	20,0	
Landboukollege	605	10,9	1 607	29,1	753	13,6	2 768	50,1	
* Uitgedruk as % van N = 5 529 (totale ondersoekgroep)									
(ii) Voornemende studente									
Universiteit	995	90,6*	242	22,0	60	5,5	46	4,2	
Tegniese kollege	14	1,3	391	35,6	532	48,5	288	26,2	
Technikon	67	6,1	923	84,1	317	28,9	77	7,0	
Onderwyskollege	130	11,8	728	66,3	122	11,1	213	19,4	

* Uitgedruk as % van N = 1 098 (totale ondersoekgroep)

TABEL 3.7(b)
DIE HOOGSTE KWALIFIKASIE WAT AAN DIE VOLGENDE INRIGTINGS VERWERF KAN WORD

(i) St. 10-leerlinge										
Tipe kwalifikasie	Inrigting									
	Universiteit		Tegniese kollege		Technikon		Onderwyskollege		Landboukollege	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Graad	3 049	62,8	140	2,8	226	4,5	513	10,3	302	6,0
Diploma	89	1,8	1 038	20,6	1 667	33,1	1 394	28,0	571	11,4
Sertifikaat	9	0,2	388	7,7	169	3,4	76	1,5	121	2,4
Weet nie	1 711	35,2	3 472	68,9	2 968	59,0	2 998	60,2	4 023	80,2
TOTAAL	4 858	100	5 038	100	5 030	100	4 981	100	5 017	100
(ii) Voornemende studente										
Graad	633	65,3*	11	1,1	51	5,2	73	7,5		
Diploma	1	0,1	202	20,6	493	50,6	350	35,9		
Sertifikaat	2	0,2	111	11,3	14	1,4	10	1,0		
Weet nie	334	34,4	656	66,9	417	42,8	541	55,5		
TOTAAL	970	100	980	100	975	100	974	100		

3.3 FAKTORE WAT STUDENTE SE VOORKEURE/BESLUIE TEN OPSIGTE VAN NASKOOLSE OPLEIDING BËINVLOED

3.3.1 Inleiding

Benewens die algemene kennis en houding wat daar ten opsigte van teknikons in die gemeenskap bestaan en die moontlike invloed daarvan op potensiële studente se besluit om technikonopleiding te ontvang al dan nie, is daar in die ondersoek ook eksplisiet aandag gegee aan die voorkeure van potensiële studente om aan 'n spesifieke inrigting te gaan studeer, met besondere verwysing na faktore wat moontlik hierin 'n rol speel. Aandag is onder andere gegee aan die impak van biografiese faktore soos die studierigting wat op skool gevolg word, die beroep van die vader, geslag van die voornemende student, bevolkingsgroep, huistaal en of 'n universiteitsvystellingskursus gevolg word al dan nie. Hierbenewens is die moontlike rol van ander eksterne faktore wat nie noodwendig direk in verband staan met die beroep wat 'n voornemende student wil beoefen nie, maar nogtans sy keuse van onderwysinrigting kan beïnvloed, byvoorbeeld tradisionele familieverbintnisse met bepaalde tipe onderwysinrigtings en/of kampusse, die geografiese ligging van die inrigting of kampus, die fisiese voorkoms daarvan of die aanwesigheid van spesifieke kampusfasiliteite, die algemene "gees", atmosfeer of stemming wat op die kampus heers, die politieke sentimente wat by 'n bepaalde kampus gehandhaaf word, ens.

Die bydraende invloed van elkeen van hiërdie faktore kan natuurlik nie afsonderlik beoordeel word nie, maar moet in samehang met die totale loopbaanontwikkeling van 'n student beskou word. Daarom word dit ook as uitgangspunt aanvaar dat 'n student se beplanning vir sy naskoolse opleiding en die besluite wat hy in die proses neem ten opsigte van die aard en plek waar hy dit wil ontvang 'n integrale deel van sy totale loopbaanontwikkeling vorm. By sommige word die keuses en besluite gerig deur 'n min of meer voorafgestruktureerde en berekende loopbaanplan, maar by baie ander is dit

hoegenaamd nie die geval nie. Dit is nietemin billik om te aanvaar dat die keuses en besluite van skoolverlaters ten opsigte van naskoolse onderwys en opleiding by implikasie 'n logiese uitvloeiing behoort te wees van die beroeps- en loopbaankeuses waarop besluit is.

Aan die ander kant moet natuurlik ook toegegee word dat die proses van besluitneming oor 'n beroep en loopbaanontwikkeling so kompleks en onlosmaaklik geïntegreer is met ander funksies van menslike bestaan dat daar dikwels nie 'n logiese of direkte verband aangetoon kan word tussen 'n persoon se loopbaanverwagtinge en die besluit wat hy neem ten opsigte van die aard en plek van opleiding wat hy met die oog daarop wil ontvang nie. Hierby moet ook in ag geneem word dat dit by die meeste beroepe feitlik onmoontlik is om 'n duidelike verband met enige formele skool- of selfs naskoolse opleiding aan te toon.

Na aanleiding van wat hierbo gestel is, kan dus aanvaar word dat die voorneme of uiteindelijke besluit van potensiële studente om aan 'n teknikon opleiding te ontvang, ook nie sonder meer net herlei kan word na die kennis, beeld, persepsie of houding wat hulle moontlik het ten opsigte van teknikons as sodanig of 'n spesifieke teknikon in die besonder nie. Die besluit kan deur 'n feitlik onvoorsienbare netwerk van beïnvloedende faktore gerig word waarvan slegs enkeles binne die konteks van die ondersoek aangespreek kon word. Eerstens word verslag gedoen oor die response van die standerd 10-ondersoekgroep vir sover dit betrekking het op

- * wat hulle direk na skoolverlating wil doen, wat hulle voorneme ten opsigte van naskoolse opleiding in die algemeen is, watter faktore hulle besluite moontlik kon beïnvloed het en watter akademiese aspirasies hulle koester.
- * die voorkeur van potensiële studente om naskoolse opleiding aan 'n spesifieke inrigting te ontvang en die impak wat bepaalde faktore op die voorkeure het.

Wat die voornemende studente-onderzoekgroep betref, word daar gerapporteer oor

- * die redes waarom hulle by teknikons navraag kom doen het en wat hulle voorkeure is ten opsigte van naskoolse opleiding in die algemeen en technikonopleiding in die besonder.
- * hulle voorneme om aan 'n spesifieke technikon te kom studeer en watter faktore hulle besluite in dié verband moontlik kon beïnvloed het.

Soortgelyke vrae is aan die eerstejaar-onderzoekgroep gevra. Hierdie groep het in werklikheid reeds prakties uitvoering aan hulle besluit gegee om aan 'n technikon te kom studeer, sodat hulle retrospektief moes kyk na faktore wat hulle besluite moontlik beïnvloed het. In die besonder word daar gerapporteer oor

- * wanneer die studente finaal besluit het om hulle studies aan 'n technikon voort te sit.
- * watter faktore hulle besluite in dié verband moontlik beïnvloed het.

3.3.2 Standerd 10-onderzoekgroep

Aan die begin van standerd 10 moet leerlinge normaalweg belangrike besluite neem oor wat hulle die daaropvolgende jaar wil doen. Hoewel baie van hulle se besluite voorlopig van aard kan wees, moet veral diegene wat formele naskoolse opleiding wil ondergaan vroegtydig reëlings tref om die nodige inskrywingsvorme te bekom, gekeur te word, finansiële steun te kry, ensovoorts. Die meeste se besluite hang in elk geval regstreeks af van die uitslae van die standerd 10-eksamen. Standerd 10-leerlinge se planne vir naskoolse opleiding is nietemin 'n redelike aanduiding van die proporsie studente wat uiteindelik by die verskillende naskoolse onderwysinrigtings sal inskryf.

Na aanleiding hiervan is die standerd 10-groep gevra om aan te dui wat hulle van plan was om die daaropvolgende jaar te doen, dit wil sê onmiddellik na voltooiing van hulle skoolloopbane. Die response op hierdie vraag wat in tabel 3.8 saamgevat word, toon dat die meeste inderdaad van plan was om verder te studeer, terwyl oënskynlik 'n relatief klein persentasie (tussen 11,9 % en 5,9 %) aangedui het dat hulle nog nie besluit het nie of onseker was. Dit kan natuurlik wees dat baie standerd 10-leerlinge ongeag hulle voorneme om verder te studeer, nooit by enige formele naskoolse onderwys of opleiding sal uitkom nie, na gelang onder andere van die st. 10-eksamenuitslae.

Diegene wat aangedui het dat hulle verder wil gaan studeer is ook gevra om die tipe en naam van die naskoolse onderwysinrigting te verstrek waarheen hulle van plan was om te gaan. Die response word in tabel 3.9 gerapporteer.

Dit blyk dat gemiddeld die helfte van al die respondente van voorneme is om universiteitsopleiding te ontvang, terwyl sowat dertig persent aangedui het dat hulle technikon toe wil gaan. Dit dien ook hier vermeld te word dat byna al die respondente wat na skool verder wil gaan studeer in staat was om die naam te verstrek van die inrigting waarheen hulle wil gaan. Die feit dat die meerderheid respondente oënskynlik voorkeur aan universiteitsopleiding gee, is in ooreenstemming met wat reeds jare in die praktyk gebeur, naamlik dat verreweg die meeste standerd 10-skoolverlaters hulle weg na universiteite toe vind.

Hoewel dit as algemene uitgangspunt aanvaar kan word dat 'n potensiële student se besluit oor die tipe inrigting waar hy sy opleiding wil ontvang, in die eerste plek gerig behoort te word deur die vereistes van die beroep wat hy graag wil volg, kan daar dikwels ook ander faktore wees wat 'n rol speel wat nie altyd maklik regstreeks met die vereistes van die beoogde beroep in verband gebring kan word nie. Na aanleiding hiervan is voortgegaan om die moontlike interaksie tussen 'n aantal biografiese faktore en die voorkeur vir die tipe naskoolse opleidingsinstansie te ondersoek.

TABEL 3.8

WAT IS U VAN PLAN OM GEDURENDE 1987 TE DOEN?

	Blank				Kleurling				Indiër				TOTAAL			
	M		V		M		V		M		V		M		V	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Nog nie besluit nie	213	11,8	208	12,0	34	6,3	29	6,1	37	8,4	29	5,9	284	10,2	266	9,8
Militêre diensplig verrig	545	30,3	49	2,8	8	1,5	9	1,9	22	5,0	14	2,9	575	20,7	72	2,7
Voltyds werk	20	1,1	94	5,4	27	5,0	35	7,4	30	6,8	37	7,6	77	2,8	166	6,1
Voltyds studeer	747	41,5	1036	59,5	362	67,3	311	65,5	246	55,9	297	60,7	1355	48,8	1644	60,8
Deeltyds studeer	117	6,5	273	15,7	94	17,5	82	17,3	87	19,8	103	21,1	298	10,7	458	16,9
Ander	156	8,7	80	4,6	13	2,4	9	1,9	18	4,1	9	1,8	187	6,7	98	3,6
TOTAAL	1798	100	1740	100	538	100	475	100	440	100	489	100	2776	100	2704	100

TABEL 3.9

TIPE NASKOOLSE ONDERWYS WAARAAN
STANDERD 10-LEERLINGE VOORKEUR GEE

	Blank		Kleurling		Indiër		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Technikon	688	29,7	170	23,5	254	40,6	1 112	30,3
Universiteit	1 230	53,1	317	43,8	295	47,1	1,842	50,2
Ander formele opleiding	55	2,4	31	4,3	12	1,9	98	2,7
Onderwyskollege	128	5,5	154	21,3	23	3,7	305	8,3
Nie-formele opleiding	152	6,6	35	4,8	30	4,8	217	5,9
Weet nie/Onseker	64	2,8	16	2,2	12	1,9	92	2,5
TOTAAL	2 317	100	723	100	626	100	3 666	100

Dit is gedoen deur middel van 'n CHAID-analise waarin die volgende as voorspellers gebruik is: geslag, huistaal, bevolkingsgroep en studierigting op skool gevolg (figuur 3).

Die eerste stap van die analise het die volgende oorskrydingswaarskynlikhede opgelewer:


VOORSPELLER	OORSKRYDINGSWAARSKYNNLIKHEID (%)
Geslag	1.0202E-15
Huistaal	1.0152E-11
Studierigting	7.0990E-93
Bevolkingsgroep	7.7557E-43

Uit bostaande blyk dit dat studierigting ongetwyfeld die sterkste geassosieer is met die tipe plek waar die respondente van voorneme is om te gaan studeer, gevolg deur bevolkingsgroep terwyl geslag en huistaal aansienlik swakker daarmee geassosieer is. Die tweede stap van die analise waar elkeen van die studierigtings wat op skool gevolg is as onafhanklike veranderlikes afsonderlik beskou word, toon dat by vier van die studierigtings (Algemeen, Landbou, Tegnies en Geesteswetenskaplik) bevolkingsgroep die sterkste interaksie toon, terwyl geslag weer die sterkste interaksie toon by die natuurwetenskaplike, handel- en kunsstudierigtings. Verder was dit ook opvallend dat die handels-, kuns- en tegniese rigtings wat 'n logiese aansluiting by technikonopleiding behoort te vind, wel 'n opvallend sterker assosiasie met die voorkeur vir technikonopleiding het as enige van die ander rigtings. Dit is nogtans belangrik om daarop te wys dat indien die responsverdelings binne die verskillende kategorieë studierigtings met mekaar vergelyk word, die proporsie re'spondente wat van voorneme is om technikon toe te gaan nie alleen die hoogste in die handel-, kuns- en tegniese studierigtings is nie, maar dat daar ook meer persone in die betrokke studierigtings is wat technikon as universiteit toe wil gaan.

Aangesien verwag kan word dat 'n standerd 10-leerling se besluit om na skoolverlating verder te gaan studeer enersyds en sy besluit oor die tipe inrigting en plek waarheen hy wil gaan andersyds in sekere opsigte twee keuses van verskillende aard behels, is dit moontlik

FIGUUR 3

DIE TIEPE NASKOOLSE OPLEIDINGSINRICHTING WAAR DIE ST.10-LEERLINGE OPLEIDING WIL ONTVANG



(a) = Geen voorspelling is moontlik nie
 (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
 (c) = N te klein vir verdere verdeling
 (d) = Verdere voorspelling word nie gerapporteer nie

dat verskillende oorwegings/faktore by elkeen van die keuses 'n rol kan speel en dat dieselfde faktore op verskillende wyses die keuses kan beïnvloed. In hierdie ondersoek is daar na aanleiding van bo-genoemde gepoog om vas te stel of 'n student se besluit oor wat hy na skool wil doen en sy besluit om aan 'n technikon te gaan studeer op verskillende wyses deur sekere biografiese faktore beïnvloed word. Dit is gedoen deur CHAID-analises op onderskeidelik die volgende vrae:

(i) Wat is u van plan om in 1987 te doen?

(ii) Hoe sterk oorweeg u dit om aan 'n technikon te studeer?

In beide gevalle is die volgende as verklarende veranderlikes ingevoer: bevolkingsgroep, huistaal, geslag, studierigting op skool gevolg, universiteitstoelating al dan nie, en vader se beroep (figure 4 en 5).

Die eerste stap het die volgende oorskrydingswaarskynlikhede opgelewer:

Wat is u van plan om in 1987 te doen?


VOORSPELLER	OORSKRYDINGSWAARSKYNNLIKHEID (%)
Universiteitstoelating	6,499E-150
Vader se beroep	2,0284E-26
Huistaal	4,0121E-22
Geslag	1,623E-108
Studierigting op skool	1,2629E-84
Bevolkingsgroep	7,3034E-68

Hoe sterk oorweeg u dit om aan 'n technikon te studeer?

VOORSPELLER	OORSKRYDINGSWAARSKYNNLIKHEID (%)
Universiteitstoelating	1,238E-129
Vader se beroep	4,6086E-21
Huistaal	0,084508
Geslag	100,0000
Studierigting op skool	4,0858E-40
Bevolkingsgroep	0,0032558

FIGUUR 4

WAT STANDERD 10-LEERLINGE VAN PLAN IS OM GEDURENDE 1987 TE DOEN



- (a) = Geen voorspelling is moontlik nie
- (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
- (c) = N te klein vir verdere verdeling
- (d) = Verdere voorspelling word nie gerapporteer nie

Vader se beroep


- 1 Ingenieur
- 2 Argitek, landmeter en verwante beroepe
- 3 Natuurwetenskaplike, mynbou en landboukundige beroepe
- 4 Tegniese beroepe/produksiewerker/operateur/ambagslui
- 5 Gesondheids- en aanverwante beroepe (sluit geneeshere in)
- 6 Geesteswetenskaplike en aanverwante beroepe (sluit onderwys in)
- 7 Ekonomiese en aanverwante beroepe (sluit klerklike en verkoopsberoepe in)
- 8 Bestuurs- en administratiewe beroepe
- 9 Diensberoepe/vervoer-, aflewering- en kommunikasieberoepe
- 10 Ander

Ses voorspellers

- 1 Universiteitstoelating
- 2 Vader se beroep
- 3 Huistaal
- 4 Geslag
- 5 Studierigting
- 6 Bevolkingsgroep

FIGUUR 5

STANDERD-TIEN LEERLINGE: HOE STERK OORWEEG U DIT OM AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER?



- (a) = Geen voorspelling is moontlik nie
- (b) = Voorspelling is nie beduidend nie
- (c) = N te klein vir verdere verdeling
- (d) = Verdere voorspelling word nie gerapporteer nie

Vader se beroep

- Ingenieur
- Argitek, landmeter en verwante beroepe
- Natuurwetenskaplike, mynbou en landboukundige beroepe
- Tegniese beroepe/produksiewerker/operateur/ambagslui
- Gesondheids- en aanverwante beroepe (sluit geneeshere in)
- Geesteswetenskaplike en aanverwante beroepe (sluit onderwys in)
- Ekonomiese en aanverwante beroepe (sluit klerklike en verkoopsberoepe in)
- Bestuurs- en administratiewe beroepe
- Diensberoepe/vervoer-, aflewering- en kommunikasieberoepe
- Ander

Ses voorspellers

- Universiteitstoelating
- Vader se beroep
- Huistaal
- Geslag
- Studierigting
- Bevolkingsgroep

In beide gevalle toon die eerste stap van die CHAID-analise dat die waarskynlikheid om standerd 10 met of sonder universiteitsvrystelling te slaag die sterkste assosieer met sowel wat in 1987 gedoen gaan word as met die mate waarin oorweeg word om aan 'n technikon te gaan studeer. Word die verskillende kategorieë van universiteitsvrystelling soos dit met die responstendense op elk van die twee vrae assosieer afsonderlik beskou, kom bepaalde verskille voor. In die geval van die eerste vraag naamlik wat is u van plan om in 1987 te doen (dit wil sê direk na skoolverlating), assosieer geslag die sterkste met al drie kategorieë gevolg deur bevolkingsgroep en vader se beroep. In die geval van die tweede vraag, naamlik hoe sterk oorweeg u dit om aan 'n technikon te studeer, is daar andersyds 'n interaksie tussen studierigting wat op skool gevolg is en diegene wat ver wag om standerd 10 met vrystelling te slaag en, andersyds, tussen bevolkingsgroep en diegene wat nie die vrystellingskursus volg nie of indien hulle dit volg in elk geval nie ver wag om met vrystelling te slaag nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die veranderlikes bevolkingsgroep en huistaal in verhouding tot die ander voorspellers, ongeag die interaksies waarna verwys is, oor die algemeen relatief swak assosieer met wat die respondente in 1987 van plan is om te doen of hoe sterk hulle dit oorweeg om aan 'n technikon te studeer.

Die samevattende indruk wat uit die twee CHAID-analises na vore kom, is dat universiteitsvrystelling ongetwyfeld 'n baie belangrike invloed uitoefen op wat st. 10-leerlinge van plan is om na skoolverlating te gaan doen. Laastens is die groep respondente wat te kenne gegee het dat hulle naskoolse opleiding aan 'n technikon of universiteit wil ontvang gevra om aan te dui in hoe 'n mate sekere faktore, waarvan die meeste nie regstreeks in verband staan met die vereistes van 'n bepaalde beroep of studierigtingkeuse nie, tot hulle besluit bygedra het. Die bydraende invloed van elke faktor moes op 'n sespuntskaal beoordeel word met 0=geen invloed en 6=in 'n hoë mate. 'n Rangorde van belangrikheid gebaseer op die rekenkundige gemiddeldes is bereken en word in tabel 3.10 en 3.11 gerapporteer.

TABEL 3.10
 IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U DIT OORWEEG OM
 AAN 'N TECHNIKON/UNIVERSITEIT TE GAAN STUDEER? (VERDEEL VOLGENS GESLAG EN BEVOLKINGSGROEP)

Faktore soos in die vraelys opgeneem	Technikonopleiding verdeel volgens bevolkingsgroep en geslag						Universiteitsopleiding verdeel volgens bevolkingsgroep en geslag					
	Blank		Kleurling		Indiër		Blank		Kleurling		Indiër	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
Sportfasiliteite wat daar beskikbaar is/ geleentheid vir sportdeelname	4								5		5	
Sportafrigting word deur bekende sport- persoonlikhede gedoen												
Familielid/vriend(in) is/was daar 'n stu- dent/werksaam by die spesifieke inrigting												
Advertensies in die media (koerante, brosjures, televisie, ens.)					4							
Die voorkoms van die kampus							4 4				2	
Beskikbare koshuisinwoning												
Lesings word in u huistaal aangebied	2	2	2	2	2	4	2	2	2	2	5	2
Die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat daar aangebied word	4	3	3	3	4	2	4	3	3	3	4	2
U ouers/voog verkies daardie inrigting					4 3						2	
Personeellede van daardie inrigting het inligting by u skool kom aanbied												
Inligtingstukke/brosjures wat deur die spesifieke inrigting versprei is	5	4	3	4					4	4		
Die kursus waarin u belangstel, word slegs by die spesifieke inrigting aangebied					4							
Daardie inrigting is naby u owerhuis gelee	3	5	3	4	3		3	4	5	5	2	4
Die standaard van opleiding aan daardie inrigting	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1

TABEL 3.11

IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U DIT OORWEEG OM AAN 'N TECHNIKON/UNIVERSITEIT TE GAAN STUDEER? (VERDEEL VOLGENS GESLAG EN BEVOLKINGSGROEP)

	Technikonopleiding verdeel volgens bevolkingsgroep en geslag						Universiteitsopleiding verdeel volgens bevolkingsgroep en geslag																	
	Blank		Kleurling		Indiër		Blank		Kleurling		Indiër													
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik												
	N	\bar{X}	N	\bar{X}	N	\bar{X}	N	\bar{X}	N	\bar{X}	N	\bar{X}	N	\bar{X}										
Sportfasiliteite	281	2,6	378	1,9	101	1,7	55	2,1	111	2,5	123	2,5	672	2,5	550	2,0	177	2,4	118	1,8	135	3,0	150	2,7
Sportafrigting	279	1,6	327	0,9	96	1,1	53	1,2	113	1,6	125	1,6	668	1,6	548	0,9	174	1,2	116	0,8	134	1,6	151	1,0
Familieid/werk	279	1,4	373	1,2	97	1,4	52	1,3	113	1,6	125	2,0	671	1,6	549	1,4	176	1,2	117	1,4	135	1,8	153	1,4
Advertensies	279	1,9	373	2,1	97	2,1	56	2,4	108	2,3	121	2,8	663	1,5	547	1,6	172	1,5	117	1,8	134	1,6	151	1,6
Kampus	279	2,3	374	2,4	98	1,7	54	2,4	112	2,4	118	2,2	670	2,6	550	2,8	173	2,2	120	2,1	135	2,7	152	2,5
Koshuisbywoning	280	1,9	374	1,9	96	1,2	54	1,8	111	1,8	123	2,1	671	2,1	550	2,7	170	1,6	121	2,2	135	1,4	151	1,5
Huistaal	280	3,6	377	3,7	100	3,2	56	3,6	114	2,9	124	2,8	671	3,6	550	3,6	175	3,4	124	3,6	135	2,7	150	3,2
Sosiaal	227	2,6	375	2,9	93	2,6	54	3,1	110	2,7	122	3,2	669	2,6	549	3,2	172	2,9	121	3,1	134	2,8	152	3,2
Ouers	275	1,7	376	1,6	101	2,2	54	2,0	114	2,7	122	3,0	672	1,8	551	1,9	176	1,7	120	2,2	133	2,3	151	2,4
Skoolbesoek	279	1,6	375	1,9	95	1,4	54	1,3	110	2,0	120	1,8	670	1,4	551	1,4	174	1,5	117	1,3	133	1,4	151	1,4
Inligtingstukke	277	2,4	375	2,7	90	2,6	49	2,6	109	2,5	122	2,4	669	2,2	548	2,1	171	2,6	113	2,6	134	2,0	149	2,0
Kursus	279	2,1	372	2,3	97	2,2	55	2,6	110	2,3	123	2,3	667	1,6	547	1,7	172	1,8	122	1,3	133	1,8	151	2,2
Ligging	283	2,9	378	2,6	98	2,6	54	2,6	110	2,8	127	2,6	671	3,0	551	2,8	172	2,4	123	2,2	134	3,1	152	3,1
Standaard	281	3,9	378	3,9	99	3,7	55	4,1	110	3,9	122	4,2	671	4,2	549	4,1	177	3,9	124	4,1	135	4,3	152	4,3

Hoewel onderlinge verskille voorkom, is die vyf oorwegings wat die meeste gewig dra by die keuse van inrigting die volgende:

- * die standaard van opleiding by die inrigting,
- * lesings moet in die huistaal aangebied word,
- * die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat op die kampus aangebied word,
- * die inrigting moet naby die ouerhuis geleë wees,
- * inligtingstukke oor die inrigting wat vooraf ter insae beskikbaar was en
- * die voorkoms van die kampus.

Die faktore wat weer die kleinste rol speel sluit in

- * sportfasiliteite wat beskikbaar is,
- * familieverbintnisse met bepaalde inrigtings, en
- * persoonlike besoeke deur personeel van die betrokke inrigtings.

3.3.3 Voornemende studente-ondersoekgroep

Wat die ondersoekgroep in die besonder betref, word daar vervolgens gerapporteer oor:

- * die redes waarom hulle in die eerste plek besluit het om navrae by die onderskeie teknikons te gaan doen;
- * hoe sterk hulle dit oorweeg om aan 'n teknikon te gaan studeer,
- * die voorkeur vir 'n spesifieke teknikon en faktore wat daarin 'n rol speel.

Indien die response van die groep as 'n geheel op die vraag oor die rede waarom hulle by 'n technikon navraag gaan doen het oorsigtelik beskou word, is daar verskeie redes wat na vore kom (tabel 3.12).

Die algemeenste redes skyn die volgende te wees:

- * Die persoon het reeds finaal besluit om aan 'n technikon te studeer, maar soek net bevestiging vir sy besluit (52,5 %).
- * Die persoon het finaal besluit om aan 'n technikon te studeer, maar moet eers deur die technikon gekeur word vir sy kursus (53,1 %).
- * Die persoon het leiding kom soek met die oog op 'n studierigting wat hy kan volg (59,3 %).
- * Die persoon wil graag vasstel wat sy vermoëns en aanleg is (63,0 %).

Uit die aard van die saak kan elkeen wat navraag doen by 'n technikon ook nie sonder meer as 'n potensiële technikonstudent beskou word nie. Net soos by die standerd 10-ondersoekgroep is die groep ook gevra om ongeag hulle toekomsplanne op 'n vyfpuntskaal aan te dui hoe sterk hulle dit oorweeg om wel aan 'n technikon te studeer. Indien slegs die response in ag geneem word van diegene wat in standerd 10 is of reeds skool verlaat het, dui dit daarop dat die oorgrote meerderheid (93 %) wel technikonopleiding oorweeg (tabel 3.13). Slegs sowat 7 persent oorweeg min of glad nie om aan 'n technikon te studeer nie.

Daar moet natuurlik aanvaar word dat sommige van hulle waarskynlik nooit sover sal kom om wel as technikonstudente te registreer nie en wel om 'n verskeidenheid moontlike redes. Die besluit van 'n voornemende student om sy opleiding aan 'n technikon te ontvang, word net soos in die geval van standerd 10-leerlinge deur sy beroepskeuse maar ook omstandigheidsfaktore gerig. Indien die onderoekgroep opgevolg kon word, sou presies bepaal kon word hoeveel

TABEL 3.12

REDES WAAROM VOORNEMENDE STUDENTE
BY TECHNIKONS NAVRAAG DOEN

Redes	N	%*
Finaal besluit	503	52,5
Oorweeg nog	391	41,5
Eers gekeur word	501	53,1
Watter studierigting	556	59,3
Vermoëns en aanleg	597	63,0
Fasiliteite	240	26,1
Vergelyk met universiteit	345	37,3

* Uitgedruk as persentasie van die
totale getal respondente vir elke rede.

van hulle wel uiteindelik by 'n technikon ingeskryf het. Vervolgens is diegene wat dit oorweeg om aan 'n technikon te gaan studeer, versoek om aan te dui of daar 'n spesifieke technikon is waarheen hulle graag wil gaan (tabel 3.14).

Diegene wat wel positief geantwoord het, is vervolgens versoek om op 'n vyfpuntskaal aan te dui hoe elkeen van 'n aantal faktore hulle voorkeur vir 'n bepaalde technikon moontlik kon beïnvloed het. Op die eerste vraag het die meeste van die respondente (ongeveer 76 %) bevestigend geantwoord, en die naam van die betrokke technikon van hulle keuse verstrek.

Wat die voorkeur vir 'n bepaalde technikon betref, was daar min of meer eenstemmigheid dat die volgende faktore die sterkste invloed uitgeoefen het, naamlik (tabel 3.15(a)):

- * die feit dat die betrokke technikon naby aan die ouerhuis geleë is;
- * die standaard van opleiding aan die betrokke technikon, en
- * die feit dat die lesings in die huistaal aangebied word.

Onderlinge verskille kom voor tussen die gewigte wat manlike en vroulike respondente aan die verskillende faktore toegeken het en so ook wat die rangorde van belangrikheid ten opsigte van individuele teknikons betref. Die algemene neiging is egter min of meer dieselfde in alle gevalle. Die rangorde van belangrikheid van die verskillende faktore soos vir elk van die teknikons afsonderlik word in tabel 3.15(b) aangegee.

3.3.4 Eerstejaarstudente

Hierdie groep studente het reeds uitvoering aan hulle besluit gegee om by een van die teknikons te registreer. Aan hierdie groep is gevra wanneer hulle finaal die besluit geneem het om by 'n technikon in te skryf en om retrospektief die rol van faktore wat moontlik hulle besluite in die verband te beoordeel beïnvloed het.

TABEL 3.13

HOE STERK OORWEEG U DIT OM VOLGENDE JAAR AAN 'N TECHNIKON TE STUDEER?

	St. 10				Reeds skool verlaat				TOTAAL			
	Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Word glad nie of word min oorweeg	16	10,4	31	8,3	10	4,6	7	4,0	26	7,0	38	6,9
Word oorweeg	23	14,9	40	10,7	15	6,9	20	11,4	38	10,2	60	10,9
Word redelik tot sterk oorweeg	115	74,7	303	81,0	193	88,5	149	84,7	308	82,8	452	82,2
TOTAAL	154	100	374	100	218	100	176	100	372	100	550	100

* Respondente wat ten tyde van die opname in st. 8 en 9 was, is nie ingesluit nie.

TABEL 3.14

IS DAAR 'N SPESIFIEKE TECHNIKON WAAR U GRAAG U OPLEIDING WIL ONTVANG?

	St. 10				Reeds skool verlaat				TOTAAL			
	Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik		Manlik		Vroulik	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	98	65,8	292	80,9	157	72,7	138	78,4	255	69,9	430	80,1
Nee	51	34,2	69	19,1	59	27,3	38	21,6	110	30,1	107	19,9
TOTAAL	149	100	361	100	216	100	176	100	365	100	537	100

TABEL 3.15(a)
 IN WATTER MATE DRA ELKEEN VAN DIE ONDERSTAANDE FAKTORE DAARTOE BY DAT U AAN
 'N SPESIFIEKE TECHNIKON WIL GAAN STUDEER? (VERDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP)

Faktore soos in vraelys opgeneem	Bevolkingsgroep			
	Blank	Kleurling	Indiër	Swart
	Rangorde	Rangorde	Rangorde	Rangorde
Sportfasiliteite wat daar beskikbaar is/ geleentheid vir sportdeelname				
Sportafrigting word deur bekende sport- persoonlikhede gedoen				
Familielid/vriend(in) is/was hier 'n student/werksaam by die technikon				
Advertensies in die media deur hierdie spesifieke technikon		5		
Die voorkoms van die kampus				5
Beskikbare koshuisinwoning				
Lesings word in u huistaal aangebied	2	2	4	
Die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat hier aangebied word	4			
U ouers/voog verkies hierdie technikon				3
Personeellede van hierdie technikon het inligting by u skool kom aanbied				
Inligtingstukke deur hierdie technikon versprei	5	3	3	
Die kursus waarin u belangstel, word slegs by hierdie technikon aangebied			5	4
Hierdie technikon is naby u ouerhuis geleë	3	4	2	2
Die standaard van opleiding aan hierdie teknikon	1	1	1	1

TABEL 3.15(b)

RANGORDE VAN BELANGRIKHEID VAN FAKTORE WAT 'N ROL GESPEEL HET BY DIE BESLUIT
OM NA 'N SPESIFIEKE TECHNIKON TE GAAN

Faktore soos in die vraelys opgeneem	Technikons																				
	Vaal- driehoek		Kaap		Natal		M.L. Sultan		Port Elizabeth		Pretoria		Witwaters- rand		Mango- suthu		Skier- eiland		O V S		
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
Sportfasiliteite wat hier beskikbaar is/ geleentheid vir sportdeelname					5				5		5									5	
Sportafrigting word deur bekende sport- persoonlikhede gedoen																					
'n Familielid/vriend(in) is/was hier 'n student/werksaam by die technikon						5	2														
Advertensies in die media deur hierdie spesifieke technikon																		4			
Die voorkoms van die kampus	4	5				5										3					
Beskikbare koshuisinwoning																	1			5	
Lesings word in u huistaal aangebied	3	3	3	2	5	3	4	5	3	3	1	1	2	3			2	2		1	
Die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat hier aangebied word	5	5	4	4	5	4			4		4	3	4	4					5		
U ouers/voog verkies hierdie technikon		4			5	1		5		5			5			4				4	
U werkgewer verkies dat u hierdie technikon bywoon																					
Personeellede van hierdie technikon het inligting by u skool kom aanbied																					
Inligtingstukke deur hierdie technikon versprei					5		2	3	4	4	5		5		5	5		3	4	4	5
Die kursus waarin u belangstel word slegs by hierdie technikon aangebied					5				3										5		
Hierdie technikon is naby u ouerhuis geleë	1	1	1	1	3			2	2	1	1	3	4	1	2	2	5	3	2	1	
Die standaard van opleiding aan hierdie technikon	2	2	2	3	4	1		1	1	2	2	2	2	3	1	1	1	1	3	2	

Vir baie mense is dit moeilik om die presiese stadium in hulle lewe aan te dui wanneer hulle 'n beroepskeuse gemaak het of finaal besluite daarvoor geneem het. In die geval van baie standaard 10-leerlinge hang hulle besluite regstreeks af van hoe hulle in hulle standaard 10-eksamen vaar. Militêre diensplig bied in die geval van veral blanke seuns, 'n addisionele tydperk waarin finaal besluite oor 'n loopbaan geneem kan word. Daarom was dit belangrik om vir die doel van hierdie ondersoek duidelik te onderskei tussen diegene wat direk na skool technikon toe gekom het en diegene wat vanweë militêre diensplig of ander redes dalk in 'n later stadium oor technikonopleiding kon besluit. In tabel 3.16 word besonderhede verskaf oor wanneer daar finaal besluit is om aan 'n technikon te gaan studeer.

Die ondersoekgroep word verdeel volgens wat hulle in die voorafgaande jaar gedoen het. Die vernaamste indrukke wat na vore gekom het, is soos volg:

- * Oor die algemeen het die meeste respondente reeds voor die einde van hulle skoolloopbaan besluit om technikon toe te gaan. In die meeste gevalle is die besluit gedurende st. 10 geneem.
- * Daar is egter ook baie respondente wat eers wag op die st. 10-eksamenuitslae voor hulle finaal besluit. In die geval van die blankes was die proporsie die kleinste (ongeveer 7 %) en in die geval van die Indiërs die grootste (ongeveer 25 %).
- * Verder het die meeste van diegene wat eers twee jaar militêre diensplig verrig het of die voorafgaande jaar voltyds gewerk het, die besluit eers na standaard 10 geneem.
- * Uit die totale ondersoekgroep was daar sowat 6 % van die respondente wat hulle besluit om technikon toe te gaan geneem het nadat hulle eers aan 'n ander tipe inrigting gaan studeer het.

Vervolgens is die relatiewe bydrae ondersoek wat sekere faktore gespeel het om die ondersoekgroep se voorkeur vir 'n bepaalde technikon te bepaal (tabel 3.17).

TABEL 3.16

WANNEER HET U FINAAL BESLUIT OM AAN 'N TECHNIKON TE KOM STUDEER?
(VERDELING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS BEVOLKINGSGROEP EN GESLAG)

	Blank				Kleurling				Indiër				Swart			
	M		V		M		V		M		V		M		V	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Voor st. 10	462	19,1	555	22,4	48	18,5	29	16,7	100	18,2	50	10,4	118	23,8	26	13,2
Gedurende st. 10	844	34,8	1 299	52,4	82	31,5	49	28,2	189	34,4	116	24,2	138	27,9	79	40,1
Gedurende militêre diensplig	489	20,2	9	0,4	4	1,5	4	2,3	3	0,5	2	0,4	12	2,4	1	0,5
Terwyl u gewerk het	242	10,0	179	7,2	45	17,3	36	20,7	40	7,3	56	11,7	85	17,2	21	10,7
Na studies by ander tipe inrigting	138	5,7	146	5,9	18	6,9	8	4,6	33	6,0	27	5,6	42	8,5	11	5,6
Na ontvangs van st. 10-uitslag	163	6,7	160	6,5	34	13,1	23	13,2	122	22,2	138	28,8	77	15,6	44	22,3
Gedurende hierdie jaar	84	3,5	130	5,2	29	11,2	25	14,4	63	11,5	91	19,0	23	4,6	15	7,6
TOTAAL	2 422	100	2 478	100	260	100	174	100	550	100	480	100	495	100	197	100

TABEL 3.17
RANGORDE VAN BELANGRIKHEID VAN FAKTORE WAT 'N ROL GESPEEL HET BY DIE BESLUIT OM NA
'N SPESIFIEKE TECHNIKON TE GAAN (VERDEEL VOLGENS GESLAG)

	Vaal- drie- hoek	Kaap	Natal	M.L. Sultan	Noord- Trans- vaal	Port Eliza- beth	Pre- toria	Wit- waters- rand	Hango- suthu	Skier- eiland	O V S
Faktore soos in die vraelys opgeneem	M V	M V	M V	M V	M V	M V	M V	M V	M V	M V	M V
Sportfasiliteite wat hier beskikbaar is/ geleentheid vir sportdeelname											
Sportafrigting word deur bekende sport- persoonlikhede gedoen											
'n Familielid/vriend(in) is/was hier 'n student/verksaam by die teknikon											
Advertensies in die media deur hierdie spesifieke teknikon											
Die voorkoms van die kampus					5						
Beskikbare koshuisinwoning					2 2				2 2		
Lesings word in u huistaal aangebied	2 2	2 2	2 2	4		3 3	2	3 2		4	3 1
Die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat hier aangebied word			4 4					4			
Dit is naby u woonplek/ouerhuis geleë	3 3	3 4	3 3	5 4		1 2		2 3			1 3
U ouers/voog verkies hierdie teknikon	4 4			2	5 3	5 5			5 2		4
U werkgever verkies dat u hierdie teknikon byvoon											
Personeellede van hierdie teknikon het inligting by u skool kom aanbied											
Inligtingstukke/brosjures wat deur hierdie spesifieke teknikon uitgegee is		5 3		3 5		4 3		4		2 2	5
Die kursus waarvoor u ingeskryf het, word slegs by hierdie teknikon aangebied				5	4		5			5 5	
Voorligtingonderwysers het hierdie teknikon aanbeveel											
Ander vakonderwysers het die teknikon aanbeveel		4	5		5 4	4 5		4	3 4		
Vriende/familielede het die teknikon aanbeveel											
U het 'n beurs/lening by hierdie teknikon gekry											
Die reputasie/beeld van hierdie teknikon by die publiek	5 5	5 5	5				4	5	5	3 3	5 5
Finansiële oorvegings				2 3	3 5		4		4	4 5	4
Die standaard van opleiding aan hierdie teknikon	1 1	1 1	1 1	1 1	1 1	2 1	1	1 1	1 1	1 1	2 2

Die rangorde van belangrikheid by die groep stem grootliks ooreen met wat die ander twee ondersoekgroepe aangedui het, naamlik die standaard van opleiding as belangrikste oorweging gevolg deur die feit dat lesings in die huistaal aangebied word en die technikon naby aan die ouerhuis geleë is.

Dit is opvallend dat sportfasiliteite, familieverbintnisse, kampusvoorkoms en advertensies in die openbare media nie by een van die teknikons 'n belangrike rol gespeel het nie.

Die besondere belangrike impak van universiteitsvrystelling op die kanalisering van standerd 10-leerlinge na naskoolse opleidingsinstansies word ook duidelik geïllustreer deur die volgende. Die eerstejaars is naamlik gevra om uit die volgende reeks stellings die een te kies wat die meeste op hulle van toepassing is:

- * Ek sou graag universiteit toe wou gaan, maar ek het nie universiteitstoelating nie.
- * Ek het nie universiteitstoelating nie, maar ek verkies om eerder aan 'n technikon opgelei te word.
- * Ek het universiteitstoelating, maar verkies om eerder aan 'n technikon as 'n universiteit opgelei te word.
- * Ek was nie suksesvol op universiteit nie en het nou by 'n technikon ingeskryf.
- * Nie een van bogenoemde nie.

Die response op die stellings word in tabel 3.18 weergegee. Globaal gesien, blyk onder meer dat daar tog 'n groot aantal studente was wat eerder universiteit toe sou wou gaan as technikon toe indien hulle toelating gehad het. Indien die responstendense van die bevolkingsgroepe afsonderlik beskou word, kom bepaalde verskille taamlik skerp na vore. By die kleurlinge is daar proporsioneel minder studente wat aangedui het dat hulle verkies om aan 'n technikon te studeer ongeag of hulle universiteitstoelating het al dan

TABEL 3.18

STELLINGS OP DIE NUWELING-EERSTEJAARSTUDENT VAN TOEPASSING

	Blank		Kleurling		Indiër		Swart									
	M	V	M	V	M	V	M	V								
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%						
Wou universiteit toe gaan, maar het nie universiteitstoelating nie	310	12,8	209	8,4	66	25,5	25	14,4	89	16,2	63	13,2	68	13,7	38	19,5
Het nie universiteitstoelating nie, maar verkies technikonopleiding	933	38,5	1 008	40,6	102	39,4	69	39,7	164	29,8	134	28,0	130	26,2	53	27,2
Het universiteitstoelating, maar verkies technikonopleiding	740	30,5	860	35,0	44	17,0	30	17,2	185	33,6	171	35,8	182	36,7	64	32,8
Was nie op universiteit suksesvol nie en het nou by n technikon ingeskryf	121	5,0	60	2,4	18	6,9	9	5,2	24	4,4	35	7,3	42	8,5	7	3,6
Nie een van bogenoemde nie	321	13,2	343	13,8	29	11,2	41	23,6	89	16,2	75	15,7	74	14,9	33	16,9
TOTAAL	2 425	100	2 480	100	259	100	174	100	551	100	478	100	496	100	195	100

nie as by die ander drie groepe. Verder is die groep blanke studente wat aangedui het dat hulle wel universiteit toe sou gaan as hulle vrystelling gehad het, proporsioneel kleiner as by die res van die groepe.

3.4 BLOOTSTELLING VAN TECHNIKONS AAN DIE GEMEENSAP

Die algemene bekendheid van teknikons as tersiêre onderwysinrigtings hang saam met die aard en intensiteit van blootstelling aan die gemeenskap. Elders in die verslag is daar gewag gemaak van die agterstand wat teknikons in dié verband ten opsigte van veral universiteite het en die noodsaaklikheid om vir hulleself 'n tradisie te vestig. In hierdie ondersoek is slegs enkele parameters aangewend om die blootstelling van teknikons aan die gemeenskap te ondersoek. Eerstens is gegewens wat ten opsigte van die ouer-ondersoek ingewin is oor die plek waar verskillende lede van huishoudings self naskoolse opleiding ontvang het, gebruik om 'n 'blootstellingsprofiel' vir verskillende tipes naskoolse onderwysinrigtings te bereken. Tweedens is die st. 10's en voornemende studente gevra om aan te dui langs watter wyse hulle van teknikons verneem het en of hulle al by geleentheid deelgeneem het aan of toeskouer was by aktiwiteite soos opvoerings, loopbaanuitstallings, ensovoorts wat deur of in belang van 'n technikon aangebied is.

(a) Blootstelling van blanke huishoudings

Van al die eksterne beïnvloedende faktore wat 'n rol speel by die loopbaanbesluite van kinders is die ouers waarskynlik die sterkste. Baie van die ouers het persoonlike blootstelling gehad aan naskoolse onderwysinrigtings deur self daar te studeer. Dit kan aanvaar word dat die wyse waarop hulle hulle eie kinders sal adviseer en raad gee oor naskoolse opleiding op hulle eie ervaring en persepsies in dié verband gebaseer sal wees. Dikwels is daar ook sprake van 'n familietradisie om aan 'n bepaalde inrigting te gaan studeer wat in 'n mindere of meerdere mate 'n rigtinggewende invloed op die loopbaanbesluite van kinders kan uitoefen.

Na aanleiding van die opname onder die blanke ouergemeenskap is daar gepoog om 'n eenvoudige maar onderling vergelykbare 'blootstellingsprofiel' van blanke huishoudings ten opsigte van verskillende tipes naskoolse opleidingsinstansies daar te stel. Vir die doel is huishouding gedefinieer in terme van die volgende familieverbintenis van die respondent: self, eggenoot/eggenote, eie vader/moeder, eie broer/suster en eie seun/dogter. In die vraelys is die respondente versoek om benevens hulleself, ook aan te dui waar ander lede van die huishouding (indien van toepassing) gestudeer het of tans studeer. Vir berekeningsdoeleindes is die 'maksimum aantal lede per huishouding' vir elke respondent gelykgestel aan sewe persone wat beteken dat indien daar meer as een broer, suster, eie seun of dogter is, hulle nie in ag geneem is nie.

In tabel 3.19 word 'n opsomming gebied van die getal huishoudings waarin 'n persoon voorkom wat opleiding aan een van die betrokke inrigtings gehad het, die kumulatiewe totaal asook die gemiddelde aantal lede per huishouding wat opleiding gehad het. Laasgenoemde word grafies voorgestel in figuur 6.

Daarvolgens is daar na verhouding aansienlik meer persone wat blootstelling aan 'n universiteit gehad het as aan enige van die ander tipe inrigtings. Die gesamentlike blootstellings van teknikons en tegniese kolleges is min of meer dieselfde as dié van universiteite. Wat die respondente self betref het 20,8 % aangedui dat hulle universiteitsopleiding gehad het teenoor die 7,6 % wat technikonopleiding gehad het en 16,6 % wat aan 'n tegniese kollege opgelei is. Bloot op grond hiervan lyk dit geregverdig te wees om te sê dat meer lede van die gemeenskap aan universiteitsopleiding blootgestel word as aan technikonopleiding, 'n toedrag van sake wat implisiet daartoe bydra dat die gemeenskap meer vertrouwd behoort te wees met universiteite as met teknikons.

TABEL 3.19

BLANKE OUEGEMEENSKAP: OPLEIDING AAN BEPAALDE NASKOOLSE ONDERWYSOPLEIDINGSINRIGTINGS
ONTVANG DEUR:

(a) RESPONDENT SELF EN

(b) LEDE VAN HUISHOUDING GESAMENTLIK

	Getal huishoudings met minstens een persoon opgelei aan:		Kumulatiewe getal lede van huishouding opgelei aan:	Gemiddelde getal lede per huishouding opgelei aan:	Eie opleiding	
	N	%			N	%
Universiteit	437	46,0*	830	0,87*	198	20,8*
Technikon	214	22,5	264	0,28	72	7,6
Tegniese kollege	375	39,4	537	0,56	158	16,6
Onderwyskollege	218	22,9	279	0,29	68	7,2
Landboukollege	159	16,7	49	0,05	7	0,7
Verpleegkollege	40	4,2	189	0,20	49	5,2

* Bereken uit totale aantal respondente (N = 951).

FIGUUR 6
PROPORSIONELE BLOOTSTELLING VAN BLANKE BEVOLKING AAN NASKOOLSE OPLEIDINGS-
INRIGTINGS




Verdere analyses wat op die data uitgevoer is, toon dat 'n respondent wat sy/haar opleiding aan 'n bepaalde tipe onderwysinrigting ontvang het geneig is om baie sterk te assosieer met 'n eggenoot/eggenote wat aan dieselfde tipe inrigting gestudeer het (figure 7(a) en (b)).

Dit wil voorkom of daar op grond van hierdie assosiasies moontlik onderskei kan word tussen huishoudings waar die ouers oorwegend aan universiteitsopleiding blootgestel was, huishoudings waar die ouers oorwegend aan onderwyskollege-opleiding blootgestel was en huishoudings waar beide ouers oorwegend tegniese opleiding het, hetsy deur middel van teknikons of tegniese kolleges. Hoewel dit op grond hiervan nie sonder meer aanvaar kan word dat kinders noodwendig die voorbeeld van hulle ouers sal volg deur aan dieselfde tipe onderwysinrigting te gaan studeer nie, is dit wel logies om te verwag dat die blootstellingsprofiel van die huishouding beslis 'n rigtinggewende invloed op die kinders se besluite in die verband kan uitoefen. Om die werklike impak daarvan te bepaal, is egter nie met die beskikbare data haalbaar nie.

(b) Bywoning van teknikonfunksies/reklame-aksies


In 'n poging om teknikons bekend te stel en hulle beeld as volwaardige tersiêre onderwysinrigtings te vestig, word daar verskillende aksies deur teknikons self geloods. Dikwels word loopbaanaanbiedings deur teknikons georganiseer, soms word leerlinge uitgenooi om besoeke aan die kampus te bring of word inligtingstukke aan skole of via openbare nuusmedia versprei. Die openbare bekendstelling van teknikons aan die publiek geskied dikwels egter by wyse van openbare optredes deur studente of personeel van die teknikon soos tydens sportaanbiedinge, kuns- en toneeluitvoerings, karnaval- en ander studentegeleenthede of ander optredes van sosiale en/of vakkundige aard. Elkeen van hierdie aktiwiteite dien op 'n bepaalde wyse as vertoonvenster na buite en kan regstreeks of onregstreeks daar-

FIGUUR 7(a)
OPLEIDING VROUE VERSUS OPLEIDING EGGENOOT



FIGUUR 7(b)

OPLEIDING MANS VERSUS OPLEIDING EGGENOTE



toe bydra om die beeld van teknikons te bou en les bes selfs 'n potensiële student beïnvloed om 'n technikonstudent te word. Ongelukkig is dit prakties nie moontlik om die werklike impak van sulke optredes op die besluite van individuele studente te isoleer en noukeurig te bepaal nie.

Binne die konteks van die ondersoek is die onderskeie ondersoekgroepe tog wel versoek om aan te dui of hulle wel in 'n stadium betrokke was (as deelnemer of as toeskouer) by aktiwiteite/funksies wat onder die vaandel van een of ander technikon aangebied of gereël is.

Die frekwensie van die verskeie vorme van blootstelling van die potensiële studente aan die verrigtinge wat deur teknikons aangebied word, word in tabel 3.20 weergegee.

Vervolgens is 'n ooreenstemmingsanalise (Figuur 8(a) en (b)) op die data uitgevoer om te bepaal of daar enige assosiasies gevind kan word tussen 'blootstelling' aan die een kant en die besluit om tog wel aan 'n technikon te gaan studeer aan die ander kant. Dit kom voor of respondente wat dit wel oorweeg om technikonstudente te word beslis sterker assosieer met sekere aktiwiteite, hoewel nie hieruit afgelei kan word dat dit noodwendig die deurslaggewende rol gespeel het nie. Daar is per slot van sake benewens blootstelling ook baie ander beïnvloedende faktore wat hier in ag geneem moet word. Van belang om te weet is dat daar relatief min potensiële studente is wat werklik fisiese blootstelling van een of ander aard aan teknikons kry, sodat die technikon as onderwysinrigting vir baie van hulle steeds onbekend of vreemd bly.

TABEL 3.20


DIE BLOOTSTELLING VAN DIE ONDERSOEGGROEPE AAN DIE TECHNIKON AS TERSIËRE
OPLEIDINGSINRICHTING, INGEDEEL VOLGENS BEVOLKINGSGROEP

(i) Standerd 10-leerlinge								
Vraelysitem	Bevolkingsgroep							
	Blank		Kleurling		Indiër		Swart	
	N	%*	N	%*	N	%*	N	%*
Sportbyeenkomste	677	20,1	173	18,2	109	12,5		
Toneelopvoerings	575	17,2	122	12,9	184	21,0		
Kunsuitstallings	509	15,2	59	6,4	228	25,9		
Modeparades	438	13,1	86	9,2	165	18,9		
Karnaval	1 247	36,8	144	15,4	149	17,2		
Konserte	459	13,8	97	10,4	196	22,4		
Sang- en musiek- uitvoerings	361	10,9	75	8,0	159	18,3		
Loopbaanuitstallings	1 322	38,9	183	19,5	244	27,7		
Ander uitstallings, bv. Geestesgesond- heid, ens.	257	7,8	66	7,1	100	11,7		
Kampusbesoek gereel deur skool en tegnikon	272	8,2	87	9,3	132	15,2		
Advertensie oor 'n tegnikon in die media gesien	1 976	63,7	569	65,0	524	69,4		
(ii) Voornemende studente								
Sportbyeenkomste	183	22,2	23	24,2	4	23,5	7	13,2
Toneelopvoerings	105	13,1	6	6,4	1	5,9	0	0,0
Kunsuitstallings	117	14,5	7	7,5	2	12,5	5	10,0
Modeparades	106	13,3	6	6,5	5	31,3	8	15,7
Karnaval	272	32,3	13	13,8	0	0,0	0	0,0
Konserte	96	11,9	10	10,7	3	17,7	5	10,0
Sang- en musiek- uitvoerings	107	13,2	10	10,8	2	11,8	8	15,4
Loopbaanuitstallings	371	44,5	27	28,7	11	61,1	9	16,9
Advertensie oor 'n tegnikon in die media gesien	630	69,8	79	82,3	11	57,9	35	62,5
(iii) Nuweling-eerstejaarstudente								
Sportbyeenkomste	705	15,7	131	31,1	36	3,7	181	27,1
Toneelopvoerings	413	9,4	10	2,5	50	5,1	48	7,3
Kunsuitstallings	660	14,8	23	5,7	132	13,3	42	6,4
Modeparades	437	9,8	22	5,4	91	9,2	63	9,5
Karnaval	1 147	25,4	21	5,2	27	2,8	48	7,4
Konserte	477	10,7	14	3,4	58	5,9	96	14,6
Sang- en musiek- uitvoerings	332	7,5	17	4,2	46	4,7	85	12,9
Loopbaanuitstallings	1 449	31,8	80	19,2	389	38,6	95	14,4
Advertensie oor 'n tegnikon in die media	3 189	65,2	365	84,1	889	86,1	3715	41,0

* Uitgedruk in terme van die getal respondente wat die item beantwoord het.

FIGUUR 8(a)

OOREENSTEMINGSANALISE TUSSEN DIE ST. 10-LEERLINGE SE BESLUIT OM MOONTLIK AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER EN VERSKEIE VORME VAN BLOOTSTELLING AAN TECHNIKONS




- SP = Sportbyeenkomste
- TO = Toneelopvoerings
- KU = Kunsuitstallings
- MO = Modeparades
- KR = Karnaval
- KO = Konserte
- SA = Sang- en musiekuitvoerings
- LO = Loopbaanuitstallings
- AN = Ander uitstallings bv. geestesgesondheid
- KM = Kampusbesoek gereël deur skool en technikon
- ME = Advertensie in die media

- GL = Technikonstudie word glad nie oorweeg nie
- OO = Technikonstudie word oorweeg
- ST = Technikonstudie word sterk oorweeg

FIGUUR 8(b)

OOREENSTEMINGSANALISE TUSSEN DIE VOORNEMENDE STUDENTE SE BESLUIT OM HOONTLIK AAN 'N TECHNIKON TE GAAN STUDEER EN VERSKEIE VORNE VAN BLOOTSTELLING AAN TECHNIKONS



-76-

- SP = Sportbyeenkomste
- TO = Toneelopvoerings
- KU = Kunsuitstallings
- MO = Modeparades
- KR = Karnaval
- KO = Konserte
- SA = Sang- en musiekuitvoerings
- LO = Loopbaanuitstallings
- ME = Advertensie in die media

- GL = Technikonstudie word glad nie oorweeg nie
- OO = Technikonstudie word oorweeg
- ST = Technikonstudie word sterk oorweeg

HOOFSTUK 4

SAMEVATTENDE BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

4.1 INLEIDING

Op versoek van die Komitee van Technikonhoofde is daar op empiriese wyse ondersoek ingestel na die beeld van teknikons in die RSA en die faktore wat gunstig of ongunstig daarop inwerk. Met die oog op die uitvoering van die ondersoek is die 'beeld van teknikons' geïnterpreteer as die geheel van die indrukke, assosiasies, persepsies, houdings, kennis en verwagtinge van mense binne verskillende samelewingsverbande ten opsigte van teknikons as onderwysinstellings, technikonopleiding in die algemeen en technikonkwalifikasies in die besonder. Alle persone wat van September 1985 tot en met die daaropvolgende jaar se inskrywings by teknikons kom navraag doen het, eerstejaarstudente wat in 1986 by teknikons ingeskryf het en blanke ouers met skoolgaande kinders is by die ondersoek ingesluit, asook 'n steekproef van 7,5 persent van skole binne 'n radius van 50 km van teknikons geleë. Die inligting is deur middel van vier verskillende vraelyste ingewin en rekenaarmatig verwerk.

4.2 SAMEVATTENDE BEVINDINGE

4.2.1 Persepsies van en houdings teenoor teknikons/tegnikonopleiding/tegnikonstatus

Daar is eerstens gepoog om vas te stel wat die respondente se persepsies van en houdings teenoor teknikons, technikonopleiding en die status van technikonkwalifikasies is. Een van die uitstaande kenmerke van die ondersoek was dat die persepsies van die verskillende ondersoekgroepe nie ingrypend van mekaar verskil het nie, ten spyte daarvan dat hulle op verskillende wyses betrokke is of belang het by teknikons. Die belangrikste bevindinge is kortliks die volgende:

- * Die meerderheid van die respondente het nie onderskeid gemaak tussen die status van universiteitskwalifikasies en dié van teknikons nie. Die algemene mening was dat teknikons 'n eiesoortige tipe opleiding aanbied wat nie as minderwaardig teenoor veral dié van universiteite beskou word nie.
- * Dit het opgeval dat 'n aansienlik groter proporsie standaard 10-leerlinge as enige van die ander groepe tog in 'n mate meer status en 'n beter verdienvermoë aan universiteitsopleiding heg.
- * In teenstelling met die ander groepe, het die ouer-onderzoekgroep aangedui dat daar meer persoonlike en werkstatus asook 'n beter verdienvermoë met universiteitsopleiding as met ander tipes opleiding geassosieer word terwyl hulle technikonopleiding die sterkste assosieer met tegniese opleiding in die algemeen, ambagsopleiding in die besonder asook met persone wat handvaardig is en wat hoofsaaklik praktiese werk verrig.
- * Engelssprekende respondente was oor die algemeen positiewer oor tegniese onderwys en technikonopleiding as die Afrikaanssprekende respondente - 'n tendens wat weerspieël word in die groter aantal Engelssprekendes op technikon-kampusse.
- * Die meerderheid respondente was van mening dat die publiek in 'n groot mate oningelig en onkundig is oor tegniese onderwys in die algemeen en teknikons in die besonder. Dit het duidelik geblyk uit die groot getal respondente uit elkeen van die onderzoekgroepe wat onkundig was oor sekere feitelike aspekte rakende technikonopleiding, byvoorbeeld dat slegs persone wat in 'n tegniese rigting opgelei wil word aan 'n technikon kan studeer en dat tegniese kolleges dieselfde kwalifikasies as teknikons uitreik.

4.2.2 Faktore wat studente se voorkeure/besluite ten opsigte van naskoolse opleiding beïnvloed

Daar is ook ondersoek ingestel na die voorkeure van die respondente om aan 'n spesifieke inrigting te gaan studeer en faktore wat moontlik in hierdie verband 'n rol kon speel. Daar is enersyds aandag gegee aan die impak van biografiese faktore soos die studierigting op skool gevolg, geslag, bevolkingsgroep en of 'n universiteitsvrystellingskursus gevolg is al dan nie. Hierbenewens is ook ondersoek ingestel na die rol van eksterne faktore soos tradisionele familieverbintnisse met 'n bepaalde tipe onderwysinrigting, die geografiese ligging van die inrigting en die voorkoms van die kampus. Die belangrikste bevindinge in die verband was die volgende:

- * Die meeste standerd 10-leerlinge se besluite met betrekking tot naskoolse opleiding is regstreeks afhanklik van die standerd 10-eksamenuitslae en in besonder die verwerwing van universiteitstoelating al dan nie.
- * Dit was opvallend dat gemiddeld die helfte van al die standerd 10-respondente wat aangedui het dat hulle naskoolse opleiding oorweeg, aan 'n universiteit wil gaan studeer teenoor die 30 persent wat hul opleiding aan 'n teknikon wil ontvang.
- * Eksterne faktore wat nie altyd regstreeks in verband gebring kan word met die vereistes van 'n bepaalde beroep nie, kan egter ook potensiële studente se besluite in hierdie verband beïnvloed. Dit het geblyk dat die studierigting wat 'n standerd 10-leerling op skool volg en die bevolkingsgroep waaraan hy behoort die grootste rol speel wanneer 'n keuse gemaak word ten opsigte van die tipe inrigting waar hy naskoolse opleiding wil ontvang. Ook was dit opvallend dat die tegniese, handels-, en kunsstudierigtings op skool wat 'n logiese aansluiting by teknikonopleiding behoort te hê, wel beduidend sterker met die voorkeur vir

tegnikonopleiding geassosieer het as met enige ander tipe opleiding.

- * Die voornemende studente word as 'n geselekteerde groep beskou omdat hulle om spesifieke redes by teknikon navraag kom doen het en moontlik 'n gerigte belangstelling in tegnikonopleiding kon hê. Globaal gesien was die redes tweërlei van aard, naamlik dat respondente enersyds onseker was oor hulle eie vermoëns en aanleg en leiding kom soek het met die oog op 'n studierigting wat moontlik gevolg kan word of andersyds reeds besluit het om aan 'n tegnikon te gaan studeer maar net bevestiging kom soek het of gekeur moes word vir die kursusse wat hulle wou volg.

- * Alhoewel die meeste eerstejaarstudente die finale besluit om tegnikonopleiding te ontvang reeds voor die einde van hul skoolloopbane geneem het, was daar ook heelwat studente wat eers op die standerd 10-eksamenuitslae gewag het voordat hulle 'n finale besluit geneem het. 'n Beduidende aantal respondente, proporsioneel minder blankes as die ander bevolkingsgroepe, het egter aangedui dat indien hulle universiteitstoelating verwerf het hulle eerder aan 'n universiteit sou wou gaan studeer.

- * Die belangrikste faktore wat die standerd 10's, voornemende studente en eerstejaarstudente se voorkeur ten opsigte van 'n spesifieke universiteit of tegnikon beïnvloed, is oorsigtelik beskou die volgende:
 - . die standaard van opleiding by die spesifieke inrigting,
 - . die taal waarin lesings aangebied word,
 - . die inrigting moet naby die ouerhuis geleë wees,
 - . die verskeidenheid sosiale en kulturele aktiwiteite wat aangebied word en
 - . die voorkoms van die kampus.

4.2.3 'Blootstelling' van teknikons aan die gemeenskap

Die algemene bekendheid van teknikons as tersiêre opleidingsinrigtings hang nou saam met die aard en intensiteit van die 'blootstelling' van die gemeenskap daaraan. Tydens die ondersoek is daar gepoog om 'n blootstellingsprofiel van blanke huishoudings aan tersiêre opleidingsinstansies daar te stel uit inligting wat deur die ouer-ondersoekgroep verstrekkend is en ook om 'n geheelbeeld te kry van die wyses waarop standerd 10-leerlinge en voornemende technikonstudente aan teknikons blootgestel word.

Dit het geblyk dat aansienlik meer persone uit blanke huishoudings aan universiteite as aan enige van die ander tipe inrigtings blootgestel was en dat 'n persoon neig om te assosieer met 'n eggenoot/eggenote wat dieselfde tipe naskoolse opleiding ontvang het.

Technikons loods verskeie reklame-aksies in 'n poging om hul beeld uit te dra en/of studente te werf, hetsy deur middel van die openbare media of deur aktiwiteite van sosiale en/of vakkundige aard. Alhoewel studente wat dit oorweeg het om technikonopleiding te ontvang sterker met sekere aktiwiteite geassosieer het, was dit nie moontlik om die werklike impak van teknikons se reklame-aksies te bepaal nie en kon gevolglik geen afleidings met betrekking tot die kanaliseringseffek daarvan gemaak word nie. Dit was egter opvallend hoe min potensiële studente werklik fisiese blootstelling van een of ander aard aan teknikons kry of gekry het.

4.3 GEVOLGTREKKINGS

Tegniese onderwys is uit die aard van sy samestelling beroepsgerigte onderwys en maak as sulks deel uit van die formele onderwyskundige struktuur in die RSA. Na aanleiding van die oorwegend positiewe houding van die meerderheid respondente teenoor technikonopleiding kan met reg gesê word dat alhoewel teknikons nog 'n relatief jong ontwikkeling binne hierdie struktuur is, dit al-

reeds in 'n groot mate 'n eie identiteit ontwikkel het en 'n regmatige plek op tersiêre vlak begin inneem.

Heelwat van die eie identiteit van die technikon kan toegeskryf word aan koöperatiewe opleiding wat 'n integrale deel van 'n groot aantal technikonstudierigtings vorm. Die indiensopleidingskomponent van koöperatiewe opleiding het tot gevolg dat die technikon as tersiêre onderwysinrigting 'n brug vorm tussen formele en nie-formele onderwys. Dis heel moontlik as gevolg van hierdie tweërlei aard van technikonopleiding dat vooroordeel en onkunde oor tegniese onderwys in die algemeen en technikonopleiding in die besonder nog by 'n groot deel van die gemeenskap bestaan. Veral die ouergemeenskap sien naskoolse opleiding hoofsaaklik nog as formele akademiese opleiding, deur universiteite verskaf, moontlik as gevolg van die feit dat aansienlik meer persone uit blanke huishoudings blootstelling aan universiteite gehad het as aan enige van die ander tipe onderwysinrigtings. Hierdie houding van die ouers het heel waarskynlik die effek van 'n 'geforceerde' kanalisering van potensiële studente na universiteite. Die wanverhouding tussen die voorkeur van die ouers aan die een kant en die groot vraag na tegniese geskoolde mannekrag aan die ander kant word moontlik weerspieël in die feit dat die oorgrote meerderheid leerlinge op skool die algemene studierigting volg ten einde soveel moontlik beroepsopsies oop te hou teenoor 'n opvallende klein persentasie leerlinge wat reeds op skool 'n beroepsgerigte studierigting soos handel, kuns of tegniese volg.

Die verwerping van universiteitstoelating of nie was die enigste biografiese faktor wat 'n betekenisvolle invloed op die keuse tussen universiteits- of technikonopleiding gehad het. By implikasie is technikonopleiding dus soms 'n alternatief vir universiteitsopleiding en nie noodwendig 'n eerste keuse nie.

Wat die invloed van eksterne faktore op studente se voorkeure ten opsigte van naskoolse opleiding betref, was dit nie duidelik of reklame-aksies wat deur teknikons geloods word met die doel om die

beeld van teknikons in die algemeen of 'n spesifieke teknikon in die besonder te bevorder, die verwagte effek gehad het nie. Faktore wat wel 'n deurslaggewende rol gespeel het was veral die standaard van opleiding by die spesifieke inrigting, die geografiese ligging daarvan en die taal waarin die lesings aangebied word.

Die bevindinge van hierdie ondersoek bevestig inderdaad die noodsaaklikheid van groter klem op loopbaangerigte onderwys op skoolvlak, wat beteken dat die eensydige klem wat tans in die formele onderwysstelsel in die RSA op akademiese onderrig val, kontraproduktief is sover dit teknikonopleiding betref.

Skoolonderrig behoort beter aansluiting te vind by arbeidsmarkverwante tendense soos die vraag na en aanbod van spesifieke tipes mannekrag met die oog op effektiewer kanalisering van potensiële studente na tersiêre onderwysinrigtings in die algemeen en teknikons in die besonder.

Alhoewel die kommer van die Komitee van Teknikonhoofde oor die moontlike skewe beeld, vooroordele en wanopvattinge ten opsigte van teknikons nie in alle gevalle ongegrond blyk te wees nie, is daar aan die ander kant ook nie 'n negatiewe houding van die gemeenskap ten opsigte van teknikons en teknikonopleiding nie. Die bydrae van teknikons tot die uitbouing van tegniese onderwys en die voorsiening in die vraag na hoëvlak tegniese werkkrag, kan dus nie misken word nie.

4.4 AANBEVELINGS

Technikons bevind hul tans in 'n stygende fase van ontwikkeling met gepaardgaande klem op die uitdra en vestiging van 'n positiewe beeld. Hierop moet voortgebou word terwyl besondere aandag aan die volgende gegee word:

Die beperkte fasiliteite waaroor teknikons beskik maak dit nie sinvol om op groot skaal werwingsaksies te loods met die oog op die

uitbreiding van studentegetalle nie. Beter seleksie van studente behoort egter gedoen te word ten einde die gehalte van studentemateriaal te verseker.

Technikons moet die onkunde wat by 'n groot deel van die gemeenskap ten opsigte van tegniese onderwys in die algemeen en technikonopleiding in die besonder bestaan, bestry deur die mobilisering van doelgerigte inligtingaksies.

Die belang van loopbaanuitstallings om die ingeligtheid ten opsigte van studie- en beroepsmoontlikhede te bevorder moet nie onderskat word nie en dit behoort selfs uitgebrei te word.

Technikons moet doelbewus daarna streef om hul gemeenskapsbetrokkenheid uit te brei deur dienslewering op kundigheidsterreine.

Oudstudente wat reeds tot die arbeidsmark toegetree het, moet betrek word by die proses van beeldbou ten einde wanvoorstellings oor die verdienvermoë, bevorderingsmoontlikhede, tipe werk wat verrig word en die status daaraan verbonde, in perspektief te stel.

CHAPTER 5

SUMMATIVE FINDINGS, CONCLUSIONS AND RECOMMENDATIONS

5.1 INTRODUCTION

At the request of the Committee of Technikon Principals an empirical investigation was launched into the image of technikons in the RSA and the factors that influence this image favourably or unfavourably. With a view to complying with this request the "image of technikons" was interpreted as the totality of impressions, associations, perceptions, attitudes, knowledge and expectations of people in different social relations regarding technikons as educational institutions, technikon training in general and technikon qualifications in particular. The investigation involved all persons who had made enquiries at technikons from September 1985 until the close of registration in 1986, first-year students registered at technikons in 1986 and white parents with school-going children, as well as a sample of 7,5 % of schools located within a radius of 50 km of technikons. The information was obtained by means of four different questionnaires and processed with the aid of a computer.

5.2 SUMMATIVE FINDINGS

5.2.1 Perceptions of and attitudes towards technikons/technikon training/technikon status

First an attempt was made to determine the respondents' perceptions of and attitudes towards technikons, technikon training and the status of technikon qualifications. One of the outstanding features of the investigation was that the perceptions of the various test groups did not differ markedly, despite the fact that they were involved with technikons in different ways or that their in-

terest in this regard differed. The most important findings were the following:

- * The majority of respondents did not distinguish between the status of university qualifications and those obtained at technikons. The general view was that technikons offered a unique training that could not be regarded as inferior to that of universities.
- * A point that was noted specifically was that a considerably larger proportion of Standard 10 pupils than any of the other groups associated a higher status and a better earning ability with university training.
- * In contrast to the other groups the parents' test group indicated that more personal and job status as well as a better earning ability were associated with university training than with other types of training, while they associated technikon training in the strongest way with technical training in general, artisan training in particular and with persons with manual dexterity and those who did mainly practical work.
- * English-speaking respondents were generally more positive about technical education and technikon training than the Afrikaans-speaking respondents - a trend that is reflected in the larger number of English-speaking students on technikon campuses.
- * The majority of respondents maintained that the public was to a great extent uninformed and ignorant about technical education in general and technikons in particular. This was clear from the large number of respondents from each of the test groups who were ignorant about certain factual aspects of technikon training, such as that only persons wanting to study in a technical field can be trained at a technikon, and that technical colleges provided the same qualifications as technikons.

5.2.2 Factors that influence students' preferences/decisions regarding postschool training

The preferences of respondents for studying at a specific institution and factors that could play a role in this regard were also studied. On the one hand attention was given to the impact of biographical factors such as the study field chosen at school, sex, population group and whether a university admission course had been followed or not. In addition the role of external factors such as traditional family ties with a specific educational institution, the geographical location of the institution and the appearance of the campus were also investigated. The most important findings in this regard were the following:

- * Most of the Std 10 pupils' decisions with regard to postschool training depended directly on the results of the Std 10 examinations and particularly on their obtaining university admission or not.
- * It was significant that on average half the Std 10 respondents who indicated that they were considering postschool training wanted to attend a university, as opposed to the 30 % who wanted to receive their training at a technikon.
- * External factors that cannot always be related directly to the requirements of a specific occupation can also influence students' decisions in this regard. The investigation revealed that a Std 10 pupil's study field at school and his population group played the biggest role in his decision regarding the type of institution at which he wanted to receive his postschool training. It was also significant that the technical, commercial and art study fields at school that should have a logical link with technikon training in fact had a significantly stronger association with technikon training than with any other type of training.

- * The prospective students were regarded as a selected group because they had made enquiries at the technikons for specific reasons and possibly had a directed interest in technikon training. In general there were two types of reasons for the enquiries that were made, namely that the respondents were uncertain about their own abilities and aptitude and wanted guidance with regard to a study field, and that they had already decided to study at a technikon and only wanted confirmation or had to be screened for the courses they wanted to follow.

- * Although most first-year students decided finally before the end of their school careers to undergo technikon training, many students waited for the results of their Standard 10 examinations before making a final decision. However a significant number of respondents, including proportionally fewer whites than the other population groups, indicated that if they obtained university exemption, they would prefer studying at a university.

- * The most important factors that influenced the preferences of Standard 10s, prospective students and first-year students regarding a specific university or technikon were the following:
 - . The standard of training at a specific institution
 - . The medium of instruction
 - . The fact that the institution is situated near the student's home
 - . The variety of social and cultural activities offered
 - . The appearance of the campus

5.2.3 "Exposure" of technikons to the community

The general reputation of technikons as tertiary training institutions is closely related to the nature and intensity of the exposure of the community to the technikons. In the investigation an attempt was made to construct an exposure profile of white households with regard to tertiary training institutions from information provided by the parents' test group, and also to obtain an

overall idea of the ways in which Standard 10 pupils and prospective technikon students are exposed to technikons.

It seemed that persons from white households had been exposed considerably more to universities than to other types of institutions and that a person tended to associate with a spouse who had received the same type of postschool training.

Technikons launch various advertising campaigns in an attempt to promote their image and/or to recruit students, whether by means of the public media or through activities of a social and/or technical nature. Although students who considered undergoing technikon training associated more strongly with certain activities, it was not possible to determine the actual impact of technikons' advertising campaigns and therefore no conclusions could be drawn with regard to the channelling effect of these campaigns. However it was remarkable how few potential students had actually been physically exposed to technikons.

5.3 CONCLUSIONS

Owing to its composition technical education is occupation-oriented education and as such it forms part of the formal educational structure in the RSA. On the basis of the mainly positive attitude of the majority of respondents towards technikon training it can be said that although technikons are still a relatively recent development in this educational structure, they have already developed a certain measure of identity and are assuming their rightful place in tertiary education.

A considerable part of a technikon's own identity can be ascribed to co-operative training, which forms an integrated part of a large number of study fields at technikons. The in-service training component of co-operative training means that the technikon as tertiary educational institution forms a bridge between formal and non-formal education. Perhaps as a result of this dual nature of

technikon training prejudice and ignorance regarding technical education in general and technikon training in particular are still rife among a large section of the community. The parental community in particular still regards postschool training mainly as formal academic training provided by universities, possibly because persons from white households were exposed to universities considerably more than to the other types of educational institutions. This attitude of parents probably has the effect of "forced" channelling of potential students to universities. The imbalance between the preference of the parents on the one hand and the great demand for technically skilled manpower on the other is perhaps reflected in the fact that the great majority of pupils follow the general study field at school in order to have as many occupational options as possible, as opposed to a significantly small percentage of pupils who follow an occupation-oriented study field such as commerce, art or a technical field while still at school.

Obtaining university admission was the only biographical factor that had a significant effect on the choice between university and technikon training. This implies that technikon training is sometimes regarded as an alternative to university training and not necessarily the respondent's first choice.

As far as the influence of external factors on students' preferences regarding postschool training is concerned it was not clear whether advertising campaigns launched by technikons to promote the image of technikons in general or a specific technikon in particular had the desired effect. Factors that did play a decisive role in promoting this image included the standard of training at a specific institution, its geographical location and the medium of instruction.

The findings of this investigation confirm the necessity for more emphasis on occupation-oriented education at school, which means that the one-sided emphasis in the formal education system in the

RSA that now falls on academic instruction is counterproductive with regard to technikon training.

Education at school should be better linked to labour-market related trends such as the demand for and supply of specific types of manpower with a view to the more effective channelling of potential students to tertiary educational institutions in general and technikons in particular.

Although the concern expressed by the Committee of Technikon Principals about the possibly distorted image, prejudices and misconceptions in respect of technikons did not always appear to be unfounded, the community did not display a negative attitude towards technikons and technikon training. The contribution made by technikons towards the development of technical education and the satisfying of the demand for high-level technical manpower can therefore not be ignored.

5.4 RECOMMENDATIONS

Technikons find themselves in a phase of increasing development, accompanied by an emphasis on the promotion and confirmation of a positive image. This trend should be continued and special attention should be paid to the following matters:

The limited facilities available to technikons imply that it is not meaningful to launch large-scale recruitment campaigns with a view to increasing the numbers of students. However an improved screening procedure for students should be introduced to ensure the quality of student material.

Technikons should combat the ignorance among a large section of the community regarding technical education in general and technikon training in particular by launching specific information campaigns.

The importance of career exhibitions to promote the knowledge of study and occupational possibilities should not be underestimated and should even be extended.

Technikons should consciously try to expand their involvement in the community by rendering services in specific fields of expertise.

Alumni who have already entered the labour market should be involved in the process of image building to clear up misconceptions on earning ability, possibilities of promotion, type of work performed and the status attached to jobs.

BRONNELYS

1. BEUKES, J.H. Motivering vir naskoolse opleiding en beroepstoe-
trede: Faktore wat St. 10-leerlinge se keuses beïnvloed. Pre-
toria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985.
2. BONDESIO, M.J. Kanaliseringsmeganismes wat die deurstroming van
leerders in die formele onderwyskundige struktuur beïnvloed.
Pretoria, 1987.
3. BURGER, A.P. Leerlinge met tegniese aanleg. In: Woord en Daad.
Vol. 17, No. 179, Julie 1977: 10-12.
4. CHARNEY, C. Technical education: the subject you can't afford to
ignore. In: Management. April 1983: 88-95.
5. COETZEE, C.J.S., Geggus, Caroline. Tersiêre opleiding buite die
universiteit en beroepsgeleenthede. Pretoria: Raad vir Gees-
teswetenskaplike Navorsing, 1982.
6. DOBIE, B.A., GREYLING, J.S. Technikon Education and the Community.
In: Technikon Journal for Research and Education. Vol. 5, No.
1, May 1986. Durban: Technikon Natal.
7. DU TOIT, S.H.C. et al. Statistical techniques for the analysis of
qualitative and quantitative multivariate data. Pretoria: Hu-
man Sciences Research Council, 1979.
8. DU TOIT, S.H.C., STEYN, A.G.W., STUMPF, R.H. Statistical graphics.
Pretoria: Human Sciences Research Council, 1984.
9. FOWLER, Marié, STOLTZ, D. Tegniesewerkkragpotensiaal: Die
1982-toetsprogram. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Na-
vorsing, 1984.

10. MACMILLAN, R.G. Education at the tertiary level and the field of technology. In: Journal for technical and vocational education in South Africa. Vol. 63, December 1974: 13-19.
11. MICKLEBURGH, V. The importance of the technikon in the South African economy. In: Technikon Port Elizabeth. May 10, 1985. Port Elizabeth: Technikon Port Elizabeth.
12. MOUTON, J., MARAIS, H.C. Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe. (R.G.N.-studies in Navorsingsmetodologie: I) Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985.
13. STOKER, D.J. et al. Onderzoek na differensiële toelatingsvereistes tot tersiêre onderwysinrigtings. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984.

RGN-PUBLIKASIELYS

'n Volledige lys van RGN-publikasies of 'n lys van publikasies van 'n besondere Instituut van die RGN kan van die Hoof: Tegnieuse Dienste verkry word.

3777
Ply no. 7000.

RGN BIBLIOTEK	HSRC LIBRARY
------------------	-----------------

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

President	Dr. J.G. Garbers	President
Adjunk-presidente	Dr. H.C. Marais, Dr. J.D. Venter	Deputy Presidents
Vise-presidente	Dr. K.F. Mauer, Prof. D.J. Stoker	Vice-Presidents
Uitvoerende Direkteur: Administrasie	J.G.G. Gräbe	Executive Director: Administration
Skakelhoof	Dr. G. Puth	Chief PRO

Funksies van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder, ondersteun en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, bepaal navorsingsprioriteite, versprei die resultate van geesteswetenskaplike navorsing, vergemaklik en evalueer die implementering van die resultate van navorsing, stimuleer die opleiding van navorsers, stel die volle spektrum van dissiplines in die geesteswetenskappe ten diens van die inwoners van die RSA en bevorder die wetenskap in die breë.

Institute

Instituut vir Geskiedenisnavorsing (IGN)
Instituut vir Kommunikasie-navorsing (IKOMM)
Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN)
Instituut vir Navorsingsontwikkeling (INO)
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (ION)
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN)
Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN)
Instituut vir Sosiologiese en Demografiese Navorsing (ISODEM)
Instituut vir Statistiese Navorsing (ISN)
Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing (INTAK)
Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND)
Administrasie

Hoofkantoor

Privaatsak X41, Pretoria 0001
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme RAGEN
Tel. (012) 202-9111
Teleks 3-20893 SA

NIPN

Posbus 32410, Braamfontein 2017
Republiek van Suid-Afrika
Telegramme NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Teleks 4-25459 SA

Strekkantore

Wes-Kaap, Privaatsak X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Teleks 5-22260 SA
Natal, Posbus 17302, Congella 4013
Tel. (031) 815970 Teleks 6-28567 SA
NIPN Oos-Kaap, Posbus 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Teleks 2-43203 SA

Functions of the HSRC

The HSRC undertakes, promotes, supports and co-ordinates research in the field of the human sciences. It also determines research priorities, disseminates the findings of human sciences research, facilitates and evaluates the implementation of research findings, stimulates the training of researchers, places the full spectrum of human sciences disciplines at the service of the inhabitants of the RSA and promotes science in general.

Institutes

Institute for Communication Research (ICOMM)
Institute for Educational Research (IER)
Institute for Historical Research (IHR)
Institute for Manpower Research (IMAN)
National Institute for Personnel Research (NIPR)
Institute for Psychological and Edumetric Research (IPER)
Institute for Research Development (IRD)
Institute for Research into Language and the Arts (IRLA)
Institute for Sociological and Demographic Research (ISODEM)
Institute for Statistical Research (ISR)
Bureau for Research Support Services (BRSS)
Administration

Head office

Private Bag X41, Pretoria 0001
Republic of South Africa
Telegrams RAGEN
Tel. (012) 202-9111
Telex 3-20893 SA

NIPR

P.O. Box 32410, Braamfontein 2017
Republic of South Africa
Telegrams NAVORSPERS
Tel. (011) 339-4451
Telex 4-25459 SA

Regional offices

Western Cape, Private Bag X5, Roggebaai 8012
Tel. (021) 419-2572/3/4/5 Telex 5-22260 SA
Natal, P.O. Box 17302, Congella 4013
Tel. (031) 815970 Telex 6-28567 SA
NIPR Eastern Cape, P.O. Box 1124, Port Elizabeth 6000
Tel. (041) 53-2131 Telex 2-43203 SA

ISBN 0 7969 0588 6

